



DEEL I:

**TEORETIESE
AGTERGROND**



HOOFSTUK 2

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- 1. INLEIDING**
- 2. DEFINIËRING VAN WAARDES, WAARDE-ORIENTASIES EN WAARDESISTEME**
- 3. WESENSKENMERKE VAN WAARDES.**
- 4. DINAMIKA VAN WAARDES**
- 5. FUNKSIES VAN WAARDES**
- 6. VERWANTE KONSEPTE**
- 7. KLASSIFIKASIES VAN SOORTE WAARDES**
- 8. SLOTOPMERKING**

HOOFSTUK 2

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word definisies, wesenskenmerke, dinamika en funksies asook die oorsprong van waardes hanteer. Omdat daar soms verwarring ten opsigte van verwante konsepte van waardes bestaan, is dit ook nodig om dié verskille te bespreek en aan te toon. So byvoorbeeld rapporteer Joubert (1986:117) dat in navorsing waardes en norme soms gelyk gestel word. Waardes, waarde-oriëntasies en waardesisteme word ook soms as sinonieme in navorsing gebruik (Hattingh, 1991).

2 DEFINIËRING VAN WAARDES, WAARDE-ORIËNTASIES EN WAARDESISTEME

2.1 Definiëring van waardes

Daar is reeds verwys na die bestaan van verskeie definisies en omskrywings van die begrip waardes. 'n Gebrek aan eenvormigheid oor die verklaring van wat waardes behels, is ook aangetoon. Definisies wat relevant vir hierdie studie is, naamlik die wat verwys na die gesinsekologie en die funksies, naamlik waarde en beginsels van waardes, word genoem en bespreek.

- Joubert (1986:119) definieer waardes as konsepsies van wat vir mense algemeen wenslik is in intra- en intermenslike verhoudings. Hy beklemtoon dus die wisselwerking van verhoudings as 'n terrein van die gesinsekologie.
- Kluckhohn (1951:595) noem onder andere dat waardes ook 'n konsepsie is wat kenmerkend van 'n individu of groep is en gedragsvoorkeur impliseer.
- Eshleman (1994:272) definieer waardes as dit wat goed, mooi, moreel en die moeite werd is.
- Deacon en Firebaugh (1988:40) verwys na waardes as 'n voorkeur en is iets werd. Hermans (1974:1), Crawford-Nutt (1980:80), Jansen van Vuuren (1985:32-35) sowel as Sliwiak en Frissell (1987:156) noem ook dat waardes gesien kan word as dit wat iets werd is.

Waardes as beginsel sowel as die waarde van 'n objek word in hierdie definisies genoem. Die volgende definisie weerspieël dat waardes onderliggend aan gedrag is, dit 'n bepaalde waarde toeken en dit met die gesinsekologie verband hou:

Waardes ken 'n bepaalde waarde aan gesinsekologiese terreine toe en bepaal die voorkeur gedrag binne die gesinsekologiese terreine.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

2.2 Definiëring van waarde-oriëntasies

Wanneer waardes ondersoek word, word waarde-oriëntasies dikwels betrek omdat waardes die oorsprong van waarde-oriëntasies is (Hattingh, 1991:108-109). Waarde-oriëntasies is waardegestuurde gedrag wat betekenis toeken aan mense, objekte of gebeure as gevolg van 'n individu se ervaring en die evaluering daarvan (Kok, 1970:34; Hattingh, 1991:107-109) en is dus subjektief.

2.3 Definiëring van waardesisteme

Waardes word in waardesisteme georganiseer (Rokeach, 1973:3,11; Hattingh, 1991:94). 'n Gemeenskap of samelewing se verskeie waardes wat op byvoorbeeld intermenslike verhoudings dui, kan as 'n intermenslike waardesisteme gesien word. Waardesisteme is eerstens 'n saamgroepering van verwante sisteme. Hammond-Tooke (1974:359-360), Du Preez (1976:6-10) en Trollip (1991:46) verwys byvoorbeeld na verskeie waardesisteme soos dit manifesteer in onder andere die religieuse en sosiale verhoudings van bepaalde etniese groepe in Suid-Afrika. Tweedens kan die totale waardes of 'n groep waardes van 'n individu as 'n waardesisteme gesien word (Hattingh, 1991:101). Nadat 'n waarde aangeleer (gesosialiseer) is, word dit in die individu se waardesisteme geïntegreer (Rokeach, 1973:64; Hattingh, 1991:101).

Om meer duidelikheid oor waardes te kry is dit nodig om die wesenskenmerke van waardes uit te spel. Hierdie wesenskenmerke dien ook as aannames ten opsigte van waardes vir hierdie studie.

3 WESENSKENMERKE EN FUNKSIES VAN WAARDES

Wesenskenmerke verwys na die basiese kenmerke waaraan 'n konsep geïdentifiseer kan word. Verskeie kenmerke van waardes word deur navorsers en teoretici bespreek. Die navorsers het hierdie inligting verwerk deur 'n kritiese benadering van reduksie, groepering, analise en sintese van die feite rondom 'n spesifieke kenmerk van waardes toe te pas. Die volgende wesenskenmerke en funksies van waardes word bespreek. Waardes:

- is mensgebonden en universeel,
- word uit konsepsies gevorm,
- is hoofsaaklik affektief,
- is indirek waarneembaar,
- bepaal keuses en rig gedrag,
- dien as 'n kriterium,
- is veranderlik,
- is veelvuldig en
- is multidimensioneel.

Die doel is egter nie om 'n detail bespreking van die kenmerke te gee nie, maar slegs genoeg om hul verband en funksie ten opsigte van waardes te verduidelik.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

3.1 Mensgebonde en universeel

Waardes is universeel mensgebonde (nomoteties) en tog ook individueel (idiografies) (Rokeach, 1973:13, 20; Niehaus, 1989:5; Mouton & Marais, 1990:51). Dus funksioneer waardes individueel en in groepe soos beroeps- en etniese groepe sowel as in samelewings- en kulturele strukture (Gordon, 1975:146; Joubert, 1986). Wat hierdie studie betref kan daar dus verwys word na waardes van die individu (jong volwasse vrou) as lid van 'n bepaalde etniese groep, 'n gesin en 'n verpleegberoep.

Volgens Hattingh (1991) word persone nie met waardes gebore nie, maar wel met die potensiaal tot 'n waardebewussyn. Uit laasgenoemde word waardes gevorm. Wanneer waardes gevorm is, bestaan hulle in afhanklikheid van 'n persoon of as 'n onafhanklike konsep (Venter, 1982:32). Verder is 'n persoon in staat om 'n lewensfilosofie te vorm. 'n Lewensfilosofie kan teoreties oorsprong gee aan waardes. Die waardebewussyn kan ook deur die persoon se lewensfilosofie beïnvloed word (De Jong, 1985: 15; Verwey & Fouché, 1987: 8).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat sonder 'n persoon daar geen waardes sou gewees het nie. Die persoon se kontak met sy gesinsekologiese terreine waarop hy beweeg, lei tot die vorming van waardes op daardie terreine. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n verhoudingswêreld vir waardes in 'n ekologiese benadering. Dit word onder andere gestaaf deur Els (1993:9) wat noem dat mense gemeenskaplike waardes ontwikkel omdat hulle gesinsekologiese terreine deel.

Rokeach (1973:3) noem in sy bespreking van die aard van waardes dat alle mense dieselfde waardes het en dat daar slegs waardeprioriteite tussen mense bestaan. Hierdie prioriteit verwys na die belangrikheid van 'n waarde. So gesien kan waardes op 'n kontinuum van belangrikheid tot onbelangrikheid geplaas word. Dit word bepaal deur spesifieke individuele ervarings en oortuigings (Hattingh, 1991: 88).

Benewens die individuele ervarings en oortuigings speel die kultuur ook 'n rol. Wanneer 'n waarde in 'n meer homogene groep voorkom en dus 'n meer homogene karakter het as gevolg van 'n meer homogene gesinsekologiese omgewing (Prilleltensky & Nelson, 1997:167-169), word dit kenmerkend van die bepaalde kultuur. Waardes hou dus verband met kultuur (Groenewald, 1984:8; Steyn & Van Rensburg, 1985:32; Van Niekerk, 1987:48). Aangesien 'n individu deel van 'n groep en/of kultuurgroep (soos byvoorbeeld etniese groep, ouderdomsgroep of beroepsgroep) is, besit hy benewens individuele waardeprioriteite ook waardeprioriteite van 'n bepaalde groep of kultuur (Maré, 1985:35; Hattingh, 1991:9). Daar kan dus van 'n individu of 'n bepaalde groep se sisteem van waardes en waarde-oriëntasies gepraat word.

Deur middel van leerbeginsels soos onder andere nabootsing, word waardes veral binne gesinsverband, oorgedra (Bigner, 1983: 108; Louw, Louw & Schoeman, 1993:535). Verder speel kultuur en dus die etniese groep ook 'n belangrike rol in die oordra van waardes

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

(Prilleltensky & Nelson, 1997:167-169). Daarom word die oordra van waardes veral binne gesinsverband en ook binne die etniese groepe verken.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat individuele waardes elemente van kulturele waardes bevat. Die teenoorgestelde hiervan is ook waar. Kulturele waardes bestaan hoofsaaklik uit 'n groep individue se gemeenskaplike waardes.

3.2 Konsepsies

Waardes is konsepsies, opvattinge, belewenisse of oortuigings (De Jong, 1985: 10; Steyn & Van Rensburg, 1985:18). Hierdie konsepsies geskied ten opsigte van mense, kulturele objekte en gebeure of situasies (Alisjahbana, 1966:28; Neethling, 1982:1). Mense, objekte, gebeure en situasies funksioneer in verskeie gesinsekologiese terreine. Dit is dus die konsepsie oor die gesinsekologiese terrein wat van belang is om 'n waarde en/of waarde-oriëntasie te vorm.

3.3 Affektief, kognitief en konatief

Waardes wat betrekking het op die gesinsekologiese terreine word op die affektiewe, kognitiewe en konatiewe dimensies beleef. Eersgenoemde speel algemeen gesproke die belangrikste rol in 'n waarde en sluit die ander twee dimensies ten dele in (Coertze, 1979: 2; Williams, 1982: 145-146; Swanepoel, 1983: 39 & Groenewald, 1984: 10). Volgens Alisjahbana (1966) is waardes 'n hartsgesindheid wat met die gemoed van die mens te make het. Waardes word dus sentraal en direk aan gevoel of die affektiewe dimensie gekoppel. Maré (1985: 27) meen dat waardes veral in die kognitiewe dimensie funksioneer wanneer daar keuses oorweeg word. Wanneer waardes in die konatiewe dimensie beweeg, lei dit tot gedrag.

3.4 Indirek waarneembaar

Alhoewel mense nie altyd bewus is van hul waardes nie, tree hulle daarvolgens op (Jansen van Vuuren, 1985: 140; Joubert, 1986: 2). Gedrag kan beskou word as 'n eerste orde entiteit terwyl die waardes wat van gedrag afgelei word, 'n tweede orde entiteit is (Joubert, 1986:17). Waardes kan dus uit optredes afgelei word. So sal optredes op verskillende gesinsekologiese terreine 'n betrokke waarde weerspieël. Dit is egter belangrik om daarop te let dat nie alle gedrag net aan waardes toegeskryf kan word nie. Ander motiveringskonsepte soos ander behoeftes, houdings, norme en doelwitte speel ook 'n belangrike rol in gedrag. Aan die anderkant kan waardes in konsepte soos houdings, norme, behoeftes en doelstellings manifesteer (Joubert, 1986).

Volgens Kluckhohn (1954: 397) sowel as Homer en Kahle (1988: 638-639) word waardes soms eksplisiet geverbaliseer en so gesien is dit 'n bewustelike optrede. Die teenoorgestelde is egter die meer algemene. Waardes word implisiet en nie-verbaal gekommunikeer en daar moet in die algemeen 'n indirekte waarneming (afleiding) van waardes gemaak word. Hierdie nie-verbale kommunikasie (gedrag) van waardes kan bewustelik of onbewustelik plaasvind.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

3.5 Keuse- en gedragbepalend

Keuses word deur middel van die besluitnemingsproses gemaak, wat onder andere deur waardes beïnvloed word (Melson:1980:99-117; Gibson, Ivancevich & Donnelly, 1994:118; De Jong, 1985:16; Maré 1985:24). 'n Individuele keuse spruit uit die voorskriftelike (waarde) en/of sy voorkeure (waarde) en lei tot gedrag (Kluckhohn, 1951:395; Adler, 1956; Swardlow, 1989:2). Laasgenoemdes kan kollektiewe of individuele optrede van die groep (gemeenskapsinstellings, kultuur of etniese groep) waaraan die individu behoort, wees (Rokeach, 1973:3).

Waardes dien as 'n krag wat gedrag aktiveer (Allport, 1961) en help as motiveerder om sekere doelwitte te bereik (Arnold & Feldman, 1986). Waardes kan 'n individuele voorkeur aktiwiteite in doelwitbereiking bepaal. Dit is dus nie slegs 'n passiewe filter vir optrede nie, maar kan 'n doelbewuste optrede wees en gedrag en denke stuur en orden volgens waardeprioriteite.

Waardes is volgens Rokeach (1973:7) 'n gedragswyse wat of instrumenteel (*a mode of conduct*) soos byvoorbeeld verstandigheid, of die eindresultaat (*end-state of existence*) van optrede, soos byvoorbeeld wysheid, is. Wat gedrag betref, is die gedragswyse die manier waarop opgetree word om aan 'n vereiste te voldoen. Eerlike gedrag kan dus beoordeel word as 'n wyse optrede.

Rokeach (1973:12,14,136,137) meen dat waardes onder andere nie net riglyne vir voortgaande aktiwiteite is nie, maar ook 'n bloudruk kan wees om konflik op te los en besluite te neem.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat waardes onder meer die oorsprong van gedrag kan wees, die motiveerder in besluitneming (byvoorbeeld tussen alternatiewes), bepaalde riglyn vorm vir die optrede, die eindresultaat en selfs konflikte kan help oplos en voorkom.

3.6 Kriterium

Waardes kan op die volgende wyses as 'n kriterium dien. Waardes dien eerstens as 'n beginsel of oortuiging vir voorkeur en/of voorskriftelike gedrag (Joubert, 1986:119). Tweedens om die belangrikheid/prioriteit (die waarde/iets werd) van 'n objek of situasie te beskryf (Hermans, 1974:1; Crawford-Nutt, 1980:80; Sliwiak & Frissell, 1987:156).

Besluite en gedrag word dus volgens 'n kriterium (waardes) beoordeel (Kauffman & English, 1979; Feather, 1982; Feather & Newton, 1982; Joubert, 1986; Thomas, 1989). 'Kriterium' in hierdie geval, verwys na wat goed of sleg is. Wanneer gedrag beoordeel word, word dit aan 'n waarde gekoppel om te bepaal of dit 'goeie' of 'slegte' gedrag is. Indien die optrede in ooreenstemming met die waarde is, sal dit 'goeie' gedrag wees, maar indien die gedrag die waarde weerspreek of teenstaan, sal dit 'slegte' gedrag wees. Schoeman (1987: 59) sluit aan by hierdie aspek van waardes en noem dat hierdie kenmerk van waardes 'n dissiplinerende invloed op gedrag het. Aanvaarbare (goeie) of onaanvaarbare (slegte) optrede ten opsigte van die gesinsekologiese terreine kan dus deur waardes beoordeel word.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Wanneer waardes gebruik word om die belangrikheid of prioriteit van 'n objek of situasie te definieer kan dit ook na die gesinsekologiese terreine deurgetrek word. Die belangrikheid van die gedragsvoorskrifte ten opsigte van die verskillende gesinsekologiese terreine kan 'n aanduiding wees van hoe belangrik (of die moeite werd) so 'n terrein ervaar word.

Rokeach (1968) noem dat waardes selfs as regverdiging vir bepaalde optrede gesien kan word. Hierdie aspek van waardes is baie belangrik, want dit is nie slegs gedrag wat geëvalueer word nie, maar ook die gedrag binne 'n bepaalde situasie. Gedrag word dus in konteks beoordeel. Beoordeling sal dus afhang van watter waarde op daardie stadium en situasie die belangrikste is. Waardeprioriteite is dus relatief tot die situasie waarin die persoon hom bevind.

Verder is daar bepaalde waardeprioriteite aan 'n etniese groep se kultuur gekoppel. Steyn en Van Rensburg (1985) noem dat hierdie waardes wenslike handeling is wat die etniese groep betref. Optredes word in terme van wenslikheid beoordeel. Buite 'n bepaalde kulturele verband mag hierdie waardes 'n ander prioriteit geniet.

3.7 Veranderlikheid

Enersyds is waardes redelik standvastig en stabiel en andersyds het dit die moontlikheid om te verander (Rokeach, 1973:18; Venter, 1982:28; Bryce, 1988:27; Hattingh, 1991:298). Die veranderlikheid dui verder op die vermoë om van 'n lae na 'n hoë prioriteit of andersom te beweeg (Groenewald, 1984; Jansen van Vuuren, 1985:40; Schwartz & Bilsky, 1987). Die situasie of konteks speel 'n belangrike rol in die verandering van 'n mens se waardeprioriteite. In die gesinsekologiese benadering is dit die spesifieke omgewing en konteks wat die waardeprioriteit bepaal. Die kulturele omgewing of konteks kan dus 'n belangrike rol in waardeprioriteite speel.

'n Ander aspek van die veranderlikheid is dat 'n waarde op 'n verskeidenheid van situasies/kontekste en objekte van toepassing kan wees (Maré, 1985:17; Schoeman, 1987:56). Waardeprioriteite kan dus van situasie na situasie en van een objek na 'n ander beweeg. So 'n voorbeeld kan die reg (*law*) as waarde van toepassing op werksure (beroepswaarde) en ook op 'n huwelikeremonie (sosiale- of verhoudingswaarde) wees.

3.8 Veelvuldigheid

Waardes kom nie enkel voor nie (De Jongh, 1985:15; Terblanché, 1988:7; Verwey & Fouché, 1987:8). 'n Persoon of groep besit veelvuldige waardes en daarom word daar na 'n sisteem van waardes verwys (Hattingh, 1991). 'n Persoon is uniek ten opsigte van sy waardeprioriteite en dus sy waardesisteem. Die rede hiervoor is dat verskillende persoonlikhede (Kluchohn, 1954:397; Van der Walt, 1989:8), gesinsekologiese terreine en omstandighede, waardes kan beïnvloed. Aangesien 'n individu se persoonlikheid en sy omstandighede (konteks) verskil, is individue se waardeprioriteite verskillend. Individue se waardesisteem kan dus verskillend wees omdat hulle verskillende waardeprioriteite kan hê.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Daar is reeds aangedui dat waardes in waardesisteme georganiseer word (Rokeach, 1973:3; Hattingh, 1991:101). 'n Gemeenskap of samelewing en/of etniese groep het ook verskeie waardesisteme. Byvoorbeeld die groepwaardes wat op intermenslike verhoudings dui, kan as 'n intermenslike waardesisteam gesien word. Hammond-Tooke (1974:359-360) en Du Preez (1976:6-10) verwys byvoorbeeld na die onderskeie waardesisteme van etniese groepe.

Die totale aantal waardes sowel as die interaksie tussen die waardes van 'n individu kan ook as 'n waardesisteam of waardesisteme gesien word (Hattingh, 1991:101).

3.9 Multidimensioneel

Uit die kenmerke van waardes wat tot dusver bespreek is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat waardes multidimensioneel is. Jansen van Vuuren (1985:145) en Schoeman (1987:59) bevestig dat waardes 'n multidimensionele konstruk is. Hattingh (1991:35) sien waardes as 'n Gestaltkonsep wat uit die voorafgaande kenmerke bestaan. Hierdie kenmerke kan nie op hul eie staan nie, maar vorm 'n eenheid.

4 OORSPRONG EN ONTWIKKELING VAN WAARDES

4.1 Oorsprong

In die vasstelling van die oorsprong van waardes moet die volgende aspekte in ag geneem word, naamlik die begin, die proses en die betrokkenes.

Die oorsprong van waardes lê in die mens se evalueringsvermoë. Die persoon se vermoë om te evalueer word eksplisiet gestel as 'n onderskeidingsvermoë tussen 'goed en kwaad' (reg of verkeerd) (Senekal, 1989:11). Volgens Joubert (1986) is die mens gedurig besig om te evalueer. Alles waarmee hy in aanraking kom soos objekte, situasies en sy medemens word geëvalueer.

Navorsers het verskeie opvattinge oor die oorsprong van die evalueringsvermoë omdat geloofsoortuigings onder meer hierdie aspek uitspel (Hattingh, 1991:113-119). Hipoteties gestel is daar twee moontlike oorspronge vir die toekenning van mense se evalueringsvermoë. Dit kan die gevolg wees van innerlike (interne) ontwikkeling, dit wil sê invloed van binne, of andersins van 'n invloed buite (eksterne) die persoon self. Eersgenoemde impliseer dat 'n persoon sy evalueringsvermoë met sy eie innerlike (internalisering) ontwikkel. Die eksterne invloed impliseer eerstens dat gesinsekologiese invloede soos die natuur of sy medemens hom so beïnvloed dat die evalueringsvermoë spontaan ontwikkel. 'n Ander eksterne invloed is die moontlikheid dat 'n hoër Goddelike Wese hierdie vermoë aan die mense of individu gegee het. Uit genoemde bespreking stel die navorser twee kategorieë voor. Die eerste kan gesien word as 'n vertikale invloed deur 'n Goddelike Wese en tweedens as 'n horisontale invloed wat aardsgebonde is.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

4.2 Horisontale en vertikale teorieë

Uit bostaande bespreking lyk dit vir die navorser of twee teorieë onderskei kan word, naamlik die horisontale en die vertikale invloede.

4.2.1 Horisontale invloed as teorie

Die teorie verwys na invloede op die horisontale vlak (gesinsekologiese terreine) wat aanleiding tot evaluerende denke gee. Verder is gesins- en/of ontwikkelingstake faktore wat hierdie vermoë positief of negatief kan beïnvloed. Sulke invloede dien ook as 'n stimulus, katalisator of klankbord wat lei tot 'n evalueringsvermoë.

Die teorie van morele ontwikkeling van Kohlberg (1981, 1984) sluit aan by hierdie horisontale invloed as teorie. Volgens Kohlberg (1981,1984) gaan morele ontwikkeling gepaard met kognitiewe ontwikkeling wat op hul beurt die oplos van komplekse moraliteitsvrae behels (Bigner, 1983:270). Om hierdie teorie verder te trek kan daar geredeneer word dat 'n persoon op haar eie, binne haarself die vermoë tot evaluasie en/of moraliteit kan genereer. Die persoon is dus haar eie klankbord of eie ouer soos Hoffman dit sien (Bigner,1983:270).

4.2.2 Vertikale invloed as teorie

Hierdie teorie meen dat 'n persoon die vermoë tot evaluasie as 'n gawe ontvang het. Hierdie gawe is nie verwerf uit die gesinsekologie of uit haarself nie, maar kom van 'n groter meer 'gesofistikeerde mag'. Die teorie verwys na die metafisiese (bonatuurlike) of die goddelike. Verskeie godsdienste glo dat 'n bonatuurlike mag sekere vermoëns aan 'n persoon kan gee.

Die Christelike godsdiens, onder andere, erken God as die Skepper en dus ook die Gewer van vermoëns. Wethmar (1991: 448) noem dat volgens die Christelike godsdiens alles by God ontstaan het.


Volgens Hattingh (1991:117-118) is waardes op sigself daar en wag op kennisname deur die individu. Hierdie standpunt kan aanvaar word aangesien sekere waardes vir alle tye geldig is. Dit is dus slegs die inkleding of waarde-orientasies wat aan tyd gebonde is.

Heyns (1977: 16) stem hiermee saam en verwys verder na hierdie ontstaan as 'n historiese sowel as 'n bo-historiese vertrekpunt. Laasgenoemde vertrekpunt verwys na God wat buite tyd (dit is voor die ontstaan van die aarde) en ruimte bestaan.

Die vertikale en die horisontale teorie verskil ten opsigte van plek en tyd. Die vertikale teorie is bo of buite tyd terwyl die horisontale gebind is aan die historiese verloop van tyd op aarde. Verder is die vertikale teorie se plek van oorsprong by God self wat die vermoë tot evaluering gee. Die horisontale teorie se oorsprong is by die mens of individu self en haar verhouding met haarself sowel as haar omgewing.

'n Skematiese uiteensetting uit die voorafgaande bespreking kan duidelik die verskille aantoon.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE



FIGUUR 2.1: VERGELYKING VAN TEORIEË OOR DIE EVALUERINGSVERMOË AS DIE OORSPRONG VAN WAARDES

In aansluiting by bogenoemde twee teorieë speel persoonlikheid ook 'n rol.

4.3 Persoonlikheid en waardes

Volgens Maddi (1968:13-21) verwys die persoonlikheidsteoretici na 'n sentrum van die persoonlikheid wat in almal voorkom. Saam met die sentrum het 'n persoon 'n buiterand of periferie eienskappe van die persoonlikheid. Die sentrum is dit wat eie en uniek is aan 'n persoon se persoonlikheid terwyl die periferie die aangeleerde gedrag is. Volgens Maddi (1968:21) vorm bepaalde samestellings van die perifere eienskappe bepaalde persoonlikheidstipes. Laasgenoemde kan tot persoonlikheidsontwikkeling lei wat weer 'n belangrike rol in die vorming van waardes en waardeprioriteite kan speel. Die sentrum kan as die besluitnemings- of evalueringssentrum gesien word. Hierdie sentrum se vermoë kan ook onderskeidingsvermoë en gevolglik waardetoekenning insluit.

De Jager (1985:2-25) verwys na die sentrum as 'n sinkern. Volgens De Jager (1985:2-25) ontstaan waardes nie uit 'n enkele sinkern nie, maar uit verskeie sinkerne. So byvoorbeeld verskaf die religieuse sinkern vastheid en sekerheid, die juridiese die vermoë om te onderskei tussen reg en onreg en die morele sinkern die sedelike. Volgens De Jager (1985:2-25) se siening is daar nie 'n basiese sentrum wat 'n onderskeidingsvermoë het nie, maar ontwikkelings uit bepaalde sinkerne. Die sinkerne is dan die bron van waardes en nie die evalueringsvermoë nie. Dit wil dus voorkom asof hierdie teorie 'n belangrike bron van vermoëns, naamlik onderskeiding of evaluering 'uitgelaat', het.

Pitso-Matlabane (1993) bespreek ook waardes vanuit 'n persoonlikheidsperspektief. Volgens Pitso-Matlabane sal 'n oorwegend religieuse waardesistiem as 'n religieuse persoonlikheid bestempel kan word. Hierdie persoon het dan 'n sterk innerlike ingesteldheid ten opsigte van die bonatuurlike, mistieke en of godsdienstige leefwyse.

115 940 780
615 360 891

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Verskeie navorsers en teoretici se klassifikasies van tipes waardes kan dus met persoonlikheidstipes in verband gebring word. Alhoewel daar 'n sterk verband tussen waardes en persoonlikheid is, sou dit verkeerd wees om slegs waardes as kriterium vir 'n persoonlikheid te gebruik. Daar is egter baie meer op die spel in 'n persoonlikheid as slegs waardes.

Hierdie studie erken die rol wat die persoonlikheid ten opsigte van waardes speel. Die klem sal egter op die rol wat ander gesinsekologiese terreine en by uitstek die gesin in die jong volwassene se waardes speel, val.

4.4 Die proses van waardevorming

Die vorming van waardes kan nie losgemaak word van die ontstaan van die evalueringsvermoë van 'n persoon nie. Die individu wat die evalueringsvermoë ontvang het, is in 'n verhouding met dit wat hy evalueer. Verder noem Senekal (1989) dat 'n persoon nie altyd bewus is van hierdie vermoë nie. Dit is veral so as sy lewe gelykmatig verloop en dinge nie bevraagteken word nie. Persoonlike krisisse op die gesinsekologiese terreine lei tot 'n bewustelike evaluering tussen reg en verkeerd (goed of kwaad). Wanneer keuses tussen reg en verkeerd gemaak moet word, word daar leiding gesoek (Senekal, 1989). Bestaande keuses en besluite word ook geëvalueer en onderskeid tussen dit wat reg is en dit wat verkeerd is word weer gedoen. Waardes word dus ook in evaluering in ag geneem of bevraagteken.

Wat die gesinsekologiese perspektief betref, is die individu in 'n verhouding met sy gesinsekologiese terreine. Die volgende stellings word deur navorsers ten opsigte van die vorming van waardes op 'n verhoudingsvlak gemaak:

- Brits (1981:64) is van mening dat uit bepaalde verhoudings evaluering voortspruit en daaruit word waardes gevorm. Die vorming van waardes is dus afhanklik van verhoudings en evaluasies. Bekker (1963:79) sluit aan by die van Brits (1981) en verwys na die vorming van waardes as die gevolg van die onderlinge beïnvloeding tussen mense. Dit wil dus voorkom asof waardes nie gevorm kan word as ander persone nie teenwoordig is nie. Hierdie standpunt sluit beïnvloeding van die natuur as die fisies-biologiese komponent van die gesinsekologiese terreine in die vorming van waardes, uit (kyk resultate in Hoofstuk 9).
- Volgens Alisjahbana (1966:27) en Hattingsh (1991:82) is die verhoudingservaring ten opsigte van objekte, mense en gebeure veral 'n gevoelsbeleving (affektief). Die affektiewe komponent en dus ook die subjektiwiteit wat eie aan 'n individu is, is verantwoordelik vir die vorming van waardes en waarde-oriëntasies.
- Smith (1978) onderskei tussen sosiaal en individuele (persoonlike) aangeleerde waardes. Laasgenoemde kan verdeel word as die superego waardes en self aangeleerde waardes. Superego waardes is die internalisering van waardes terwyl selfaangeleerde waardes deur die individu self ontwikkel word. Smith onderskei dus tussen inter- en intrakommunikasie as deel van waardevorming.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

4.4.1 Faktore wat waardevorming beïnvloed

Die vorming van waardes kan deur twee aspekte naamlik, die invloede van buite en die vermoë van 'n persoon om waardes deel te maak van sy waardesisteem, beïnvloed word (Smith, 1978). Hierdie aspekte word vir die doel van hierdie studie as eksterne en interne faktore in die vorming van waardes gesien.

Interne faktore

Die volgende interne faktore kan die vorming van waardes beïnvloed:

- **Ontwikkelingsvlak**

Navorsers verwys na die ontwikkelingsvlakke of –stadiums in 'n individu wanneer kognitiewe, emosionele, sosiale en morele ontwikkeling plaasvind. Erikson het hierdie ontwikkeling in agt sosiaal-psigologiese stadiums ingedeel. Piaget verwys na die stadiums van kognitiewe ontwikkeling terwyl Kohlberg vlakke van morele ontwikkeling identifiseer (Weiten, 1992: 387-396). Bogenoemde vlakke of stadiums het te make met die individu se vermoë op 'n bepaalde ouderdom. Daar kan dus aanvaar word dat die vorming van sekere waardes aan 'n sekere ouderdomsgroep gekoppel kan word. Daarenteen verwys Graves (1970) meer na 'n bestaansvlak in die sin van hoe en hoekom die individu dink eerder as wat of waaroor hy dink. Graves (1970) en Hattingh (1991:262-282) koppel hierdie ontwikkelingsvlakke aan waardes wat gevorm word.

- **Opvoedingspeil**

Pitso-Motlabane (1993) se studie van verwesterse professionele swart persone in Soweto bevestig die invloed van ontwikkeling en geleerdheid op die waardes en waardesisteem van 'n persoon. Individue wat nie aan al die moderne ontwikkeling blootgestel is nie kan as milieugestrem beskou word en hul waardes kan ook dienooreenkomstig beïnvloed word. So sal 'n persoon uit die 'Derde Wêreld' of tegnologies onontwikkelde land wat nie blootgestel word aan moderne tegnologie nie, gevolglik nog nie 'n bepaalde waarde daaraan heg nie. Daar kan dus aanvaar word dat die bepaalde gesinsekologie die opvoedingspeil van 'n individu kan beïnvloed en dus die vorming van sy waardes kan beïnvloed. Onkunde en/of 'n gebrek aan blootstelling kan dus 'n rol in die vorming van waardes speel.

- **Individuele aspekte**

Individuele aspekte sluit onder andere persoonlikheid, behoeftes en belangstellings in. Hierdie faktore dui op dit wat vir die individu belangrik is ten opsigte van sy eie aard en samestelling. Volgens psigoloë en navorsers is persoonlikheid, behoeftes en belangstellings belangrik wanneer 'n persoon keuses moet uitoefen (Maslow, 1970; Murray, 1981). Dit is juis die feit dat waardes aan keuses gekoppel word, dat bepaalde voorkeure aan 'n persoonlikheid gekoppel kan word.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- **Geslag**

Trotzer (1981) is een van die navorsers wat waardeverskille by die verskillende geslagte aantoon. Hierdie verskille kan deur faktore soos onder andere die biologiese en bepaalde rolle wat deur die gemeenskap en etniese groep aan haar toegeskryf word, bepaal word (Haralambos & Holborn, 1995:586-619). Die volgende voorbeeld kan genoem word. Biologies is die vrou verbind aan die versorgende rol van haar kinders en deur bepaalde kulture en gemeenskappe word sy as onderdanig aan die man gesien. Gevolglik word waardes wat aan versorging en onderdanigheid gekoppel is van die vrou verwag.

- **Kriteria as bron**

Kriteria kan as 'n bron van waardevorming dien. 'n Individu se geloofsoortuiging kan 'n kriterium vir die vorming van 'n waarde wees. Heyns (1977:66-96) meen dat die mens se geloof sy denkwyse oor homself en sy medemens bepaal. Geloof dien dus as kriterium en skryf bepaalde waardes en waarde-oriëntasies voor. Kriteria as die bron van die vorming van waardes kan as 'n interne sowel as 'n eksterne faktor gesien word. Wanneer dit as interne faktor gesien word, dien dit ook as blokkerings- of siftingsmeganisme by die erkenning van 'n waarde. As eksterne faktore, is dit die persoon se geloofsoortuigings (religie as gesinsekologiese terrein) wat bepaal tot watter mate sekere waardes prioriteit geniet.

Gesinsekologie as eksterne faktor

Gesinsekologiese terreine as 'n eksterne faktor beïnvloed ook die vorming van waardes. As gevolg van die verhouding van die individu met sy ekologie lei dit tot interaksie en gevolglik tot betekenis (waarde). Volgens Alisjahbana (1966) het alles waarmee 'n persoon in aanraking kom tot 'n mindere of meerdere mate die potensiaal om tot die vorming van waardes oor te gaan. Die afleiding kan dus gemaak word dat die individu se betrokkenheid by 'n bepaalde gesinsekologiese terrein tot die vorming van waardes en waardeprioriteite lei. 'n Positiewe of negatiewe ervaring kan tot 'n hoë waardeprioriteit lei. Hierdie argument sal verder gevoer word wanneer die resultate bespreek word. In die volgende hoofstukke sal daar ook aandag aan die rol van die gesin en die etniese groep as eksterne invloede op die vorming van waardes gegee word.

Die aannames ten opsigte van die oorsprong en vorming van waardes vir hierdie studie is die volgende:

- 'n Individu word nie met waardes gebore nie, maar wel met 'n vermoë tot evaluasie of waardering wat aanleiding gee tot die vorming van waardes (Hattingh, 1991:22). Hierdie vermoë onderskei hom van die dier (Van Zyl 1980:112; De Vries, 1985:315; Senekal, 1989). Die navorser is oortuig dat die vermoë tot evaluasie 'n gawe van God aan 'n individu is. Dit word gedoen op grond van die geloof van die navorser in God as Skepper soos die Bybel dit openbaar.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- Waardes word ook deur mense onderling of van generasie tot generasie oorgedra. In sulke omstandighede kan dit gebeur dat waardeprioriteite bloot aanvaar word.

5 VERWANTE KONSEPTE

Waardes moet van verwante konsepte onderskei word. Hierdie konsepte is almal verwant aan waardes in die sin dat dit 'n vergestalte van 'n waarde kan wees. Slegs enkele verwante konsepte wat soms tot verwarring in literatuur lei (Hattingh, 1991:96-107), sowel as die wat in onderhoude en vraelyste van hierdie studie gebruik word, word kortliks bespreek.

5.1 Oortuigings

Volgens Odendal (1984:792) is 'n oortuiging 'n opvatting oor iets. Hierdie oortuiging is 'n sekerheid of onwrikbare gevoel. Daar is nie noodwendig moraliteit aan verbonde nie en dit kan bloot 'n stelling wees. Laasgenoemde kan as reg of verkeerd beskou word (Maré, 1985:21; Hattingh, 1991:104). Alhoewel Maré verskillende dimensies van oortuigings uitwys, wil die navorser volstaan by die volgende definisie omdat die betrokke definisie aspekte het wat in verband met waardes gebring kan word:

'n Oortuiging is hoofsaaklik 'n kognitiewe, sekerheidsopvatting omtrent mense, objekte of gebeure.

Die algemene en ooglopendste verskille tussen waardes en oortuigings kan soos volg gegee word:

Oortuiging	Waardes
Kan verkeerd beskou word	Kan slegs geëvalueer word
Meer kognitief van aard	Meer affektief van aard

Uit bostaande is die klemverskuiwings opvallend. Die belangrikste verskil lê daarin dat 'n oortuiging deur feite verkeerd bewys kan word, terwyl waardes nie reg of verkeerd is nie.

5.2 Beginsels

Stoker (1961:31) en Odendal (1984:72) meen dat 'n beginsel 'n grondbegrip, 'n oorsprong of 'n stel reëls is wat oortuigings insluit. Hattingh (1991:105) stem saam en voeg by dat beginsels onderliggend aan waardes is. Vir die doel van hierdie studie word waardes in verband met beginsels gestel. Die volgende definisie is egter van belang:

Beginsels is oortuigings wat as algemeen geldende reëls vir gedrag aangevoer word.

Beginsels en waardes het meer ooreenkomste as verskille. Alhoewel die verskille baie fyn is, is dit tog daar. Dit kan as volg weergegee word:

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

<u>Beginsels</u>	<u>Waardes</u>
Kompleks	Meer kompleks
Invloedryk	Meer invloedryk

Omdat waardes meer kompleks, invloedryker en op 'n meer affektiewe vlak as beginsels funksioneer, is waardes meer dieperliggend (Hattingh, 1991:104-106).

5.3 Norme

Volgens Hattingh (1991:99) word waardes en norme soms ook as wissel terme gebruik. Smith (1981:1) en Maré (1985:18) meen egter dat waardes en norme nie dieselfde is nie en dus nie as wissel terme gebruik behoort te word nie. Dit is dus nodig om tussen die twee terme, naamlik waardes en norme, te onderskei (Van Niekerk, 1987). Cilliers en Joubert (1985:27), Groenewald (1984 :15) en Schneider (1977) verwys na norme as reëls of standarde vir gedrag. Die volgende definisie van norme beskryf die aard en funksie daarvan:

Norme is gewenste reëls en kriteria van gedrag.

Die gewentheid verwys na die algemeen aanvaarbare manier van optrede. Reëls is die grense waarbinne aanvaarbare gedrag toegelaat word. Kriteria sluit standarde in waaraan gedrag vir aanvaarbaarheid geëvalueer word. Norme is dus voorskriftelik en evaluerend ten opsigte van gedrag. Die belangrikste verskille tussen norme en waardes is soos volg:

<u>Norme</u>	<u>Waardes</u>
Reëls vir situasies	Transendeer situasies
Stel grense vir gedrag	Gee rigting aan gedrag
Is 'n standaard	Stel standarde

Volgens Bester (1976:22) sowel as Landman, Roos en Liebenberg (1971:115) is waardes 'n basis vir norme en is norme dus in waardes gesetel. Waardes gee aanleiding tot die norm en die funksionering daarvan. Aan die anderkant is norme die reëls, grense en standarde wat help met die handhawing van waardes in 'n situasie. Volgens Alisjahbana (1966:91) is die doel van norme die organisering van gedrag (deur middel van reëls) sodat 'n waarde geïmplementeer kan word.

5.4 Gebruike

Gebruike verwys na algemene maniere van doen (Odendal, 1984:247). Schwartz (1990:84) wys daarop dat 'n gebruik 'n vorm van gewoonte is. Dinge word herhaaldelik op dieselfde manier gedoen. Die doen aspek wys op die belangrikheid van gedrag by gebruike.

Volgens Alisjahbana (1966:84) kan gebruike met kultuur in verband gebring word. Met hierdie verbintenis word gebruike verdeel in etniese gebruike ('volksgebruike') en etniese

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

wette ('volkswette'). Laasgenoemde beskryf Alisjahbana (1966:85-86) as meer dieperliggend as volksgebruike. Hy noem verder dat volkswette 'n sterker verbintenis het met die religieuse. So sal 'n *Jihad* (heilige oorlog) 'n volkswet wees, terwyl sekere geregte en eetgewoontes kulturele gebruike is.

Uit bostaande bespreking kan die volgende definisie van gebruike geformuleer word:

Gebruike is tradisionele, gewoontes en/of algemene maniere van optree.

Gebruike moet nie teenstrydig met waardes wees nie. Indien dit wel gebeur sal waardes en gebruike bevraagteken word. Gebruike moet wel as 'n versterking en bevestiging van waardes dien. So gesien kan gebruike meer met die optrede of implementering van waardes te doen hê. Die essensiële verskille tussen gebruike en waardes kan soos volg weergegee word:

<u>Gebruike</u>	<u>Waardes</u>
Gedragreëls	Gedragsetiek
Implementering van waardes	Aansporing vir gebruike

Vir die suksesvolle funksionering van 'n gemeenskap is die ooreenstemming tussen gebruike en waardes belangrik.

5.5 Doelstellings/Doelwitte/Doel

Odendal (1984:161) meen dat doel en doelwit wisseltermen vir doelstellings is. Omdat waardes in hierdie studie die belangrikste konsep is, sal daar nie op detail ingegaan word op die onderskeid tussen doel, doelwit en doelstelling nie. Odendal (1984) se mening word dus vir hierdie studie aanvaar. Die term doel/doelwit/doelstelling kan kortliks soos volg gedefinieer word:

'n Doelstelling is 'n fokuspunt wat nagestreef word.

Volgens Schiffman en Kanuk (1978:27-28) sowel as Baron, Byrne en Kantowitz (1980) is mense oor die algemeen meer bewus van hul doelstellings as ander onderliggende aspekte soos behoeftes en waardes. Doelstellings word meer geformaliseer as waardes.

Maré (1985) en Rokeach (1973:759) noem dat waardes en doelstellings 'n verwantskap toon. Volgens Egan (1985:108) en Maré (1985) beweeg doelstellings in 'n rigting van bereiking, terwyl waardes 'n aspek van doelstellings is, wat help om iets te bereik. Waardes dien as 'n kriterium waarteen die aanvaarbaarheid van doelstellings gemeet kan word. Die algemeenste verskille tussen 'n waarde en 'n doelstelling is die volgende:

<u>Doelstellings</u>	<u>Waardes</u>
'n Mikpunt	Kriterium van en vir 'n mikpunt
'n Intensie	'n Implikasie van 'n intensie

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

'n Doel staan in diens van 'n waarde omdat met sekere doelwitte na die bevrediging of bereiking van 'n waarde gestreef word (Alisjahbana, 1966:77).

5.6 Behoeftes

Dit is nodig dat die konsepte, behoeftes en waardes, onderskei word (Mc Neal, 1973:34). Volgens Hattingh (1991:102) en Maré (1985:19) word waardes en behoeftes soms as sinonieme gebruik. Soms word behoefteklassifikasies as waardeklassifikasies gebruik. Wanneer behoeftes en waardes dan op so 'n wyse gebruik word, lei dit tot verwarring. Selfaktualisering word byvoorbeeld 'n behoefte, maar ook 'n hoër-orde waarde genoem (Geldenhuys, 1975).

Begeertes en wense lê op die vlak van dit wat verkies word, terwyl behoeftes dit is wat 'n persoon nodig het. Behoeftes is dit wat 'n persoon nodig het vir die voortbestaan en vir die ontwikkeling van 'n mens se potensiaal (Galtung, 1980; Jourard, 1974). Volgens Mallman en Marais (1980) is behoeftes ook meer universeel, terwyl begeertes persoonlik en tydelik is. Behoeftes is dus dieperliggend en funksioneer op 'n ander vlak as begeertes.

Behoeftes is 'n hipotetiese konstruk met 'n liggaamlike dryfkrag. Hierdie dryfkrag kan intern of ekstern aan die gang gesit word sodat psigologiese prosesse georganiseer kan word (Hjele & Ziegler, 1981:157). Behoeftes is onderworpe aan bevrediging as dit vervul word en aan frustrasie as dit onvervul is (Deci, 1975:83; Lederer, 1980:3).

Behoeftes kan kortliks op die volgende wyse gedefinieer word:

Behoeftes is 'n tekort wat ervaar word en wat dan nagestreef word om verligting of tevredenheid te bring.

Maré (1985:19-20) en Hattingh (1991:102-103) bespreek die verskille tussen waardes en behoeftes. Die verskille tussen waardes en behoeftes blyk ook 'n klemverskuiwing te wees en kan soos volg saamgevat word.

<u>Behoeftes</u>	<u>Waardes</u>
'n Tekort	'n Kriterium of bron
Meer persoonlik	Meer algemeen
Wenslik of onwenslik	Algemeen wenslik
Soms meer noodsaaklik vir oorlewing	Soms minder noodsaaklik vir oorlewing
Basies	Meer ingewikkeld

Verder kan waardes ook in sommige behoeftes voorsien, maar kan ook behoeftes inhibeer of blokkeer (Maré, 1982:19). Sommige behoeftes moet egter ontken word as gevolg van aanvaarde gedragsreëls en waardes (Rokeach, 1973:73).

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

5.7 Houdings

Waardes en houdings word aan mekaar verbind deur gedrag en deurdat beide 'n integrale deel van persoonlikheid is (De Kock 1971:10; Groenewald, 1984:12). Soos met waardes kom die identifikasie van houdings deur die waarneming van gedrag. Met 'n bepaalde houding is daar 'n neiging om op 'n sekere manier te reageer (De Klerk, 1984:34). Hierdie neiging is die resultaat van die persoonlikheid sowel as die positiewe of negatiewe persepsies van 'n objek (Richter, 1979:7). Genoemde persepsie word op 'n kognitiewe, konatiewe en veral op die affektiewe vlak beleef (Williams, 1982:145-146; Swanepoel, 1983:39). Laasgenoemde vlak is dieperliggend en verander nie maklik nie. Gevolglik is die verwagte optrede redelik stabiel.

Waardes sowel as houdings word aangeleer deur die voorbeeld en invloed van ouers, portuurs en situasies (Morgan & King, 1966:602). Daar is dus ooreenkomste ten opsigte van die oordra van waardes en houdings.

Om die onderskeid tussen houdings en waardes te bepaal, moet houdings eers tot 'n eenvoudige definisie gereduseer word.

'n Houding word deur persepsies gevorm en lei tot 'n geneigdheid om op 'n bepaalde manier te reageer.

'n Houding kan aanleiding tot 'n beplande optrede gee. Indien die beplande optrede nie wenslik of aanvaarbaar is nie, is dit juis waardes wat verhoed dat houdings sigbaar word. Die verskil tussen waardes en houdings is die volgende:

<u>Houdings</u>	<u>Waardes</u>
Meestal 'n gevoel vir optrede	Meer 'n kriterium vir optrede
Gewensde of ongewensde gedrag	Gewenste gedrag

Volgens Hattingh (1991:99) kan houdings en waardes moeilik geskei word. Een van die redes hiervoor is dat houding 'n indikator van 'n persoon se werklike waarde en waarde-oriëntasie is. Uit die voorafgaande bespreking en begripsverklaring is die volgende duidelik:

- Die bespreekte konsepte is almal aan individue en ook aan etniese/sosiale groepe verbonde. Dit impliseer dat indien 'n groep dieselfde oor 'n saak dink en voel, hulle waarskynlik daarvolgens sal optree. Hierdie groepgevoel lei tot konformering om sodoende deel van 'n groep te wees. Indien 'n persoon nie inskakel by die idees en gevoelens van die groep nie, stel sy haarself bloot aan sanksies van die groep (Alisjahbana, 1966).
- Waardes moet duidelik onderskei word van die verwante begrippe om die navorsing se teoretiese geldigheid te verhoog (Mouton, 1996).
- Die bespreekte konsepte het 'n noue verbintenis met mekaar ten opsigte van oorsprong, aard en funksie. Dit is veral gedrag wat die samebindende faktor tussen die konsepte is aangesien al die konsepte gedrag bepaal of beïnvloed.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

6 KLASSIFIKASIES VAN SOORTE WAARDES

Waardes kan geklassifiseer word volgens verskeie uitgangspunte, onder andere die doel, oorsprong, funksie, vlakke en terreine waarop waardes beweeg. Volgens Hattingh (1991:146-189) is daar meer as 55 verskillende klassifikasies van waardes en verteenwoordig genoemde uitgangspunte. Hierdie groot verskeidenheid weerspieël die feit dat daar uiteenlopende sienings omtrent die klassifikasie van waardes is. In hierdie studie word daar net aandag aan enkele klassifikasies, wat aansluit by die gesinsekologiese terreine waar waardes funksioneer, gegee.

Selfs in genoemde uitgangspunte is daar verskille. Die navorser het die volgende moontlike redes saamgestel om moontlike verduidelikings vir die groot variasie in waarde-klassifikasies te gee:

- Die perspektief van die persoon, kan sy klassifikasie beïnvloed. Die persoonlike vakgebied van 'n skrywer kan ook klassifikasies beïnvloed. Dit wat dus vir 'n persoon van belang is, beïnvloed sy siening of is die bril waardeur hy waardes sien en klassifiseer.
- Klassifikasies kan groter of kleiner groeperings insluit, dit wil sê in meer detail gedoen word of nie. Daar kan ook in sommige gevalle van groeperings van subwaardes, ondergeskikte en verwante waardes gebruik gemaak word.

'n Klassifikasie van waardes moet logies en verantwoordbaar wees. Dit is egter belangrik dat die breedste moontlike spektrum van terreine waarop waardes funksioneer gedek behoort te word. Sodoende sal soveel as moontlike waardes ingesluit word en eensydigheid vermy word.

Vervolgens sal klassifikasies van waardes bespreek word. Hattingh (1991) se tipologie van waardes sal eerste bespreek word. Daarna sal die klassifikasies van waardes alfabeties weergegee, kortliks bespreek word en daarna sal bepaalde ooreenkomste aangetoon word.

6.1 Hattingh

Hattingh (1991:200-210) het uit navorsing 'n tipologie van 20 waardes met subsoorte waardes of waarde-indikators weergegee en deel dit soos volg in:

Religieuse waardes verwys na die persoon se gods-, mens- en lewensbeskouing. Dit handel ook oor godsdienstebeoefening. Waarde-indikators sluit onder andere die volgende in: Mens en lewensbeskouing, godsdienstebeoefening, geloofsekerheid, menswaardigheid, vryheid, gehoorsaamheid, waaragtigheid, verlossing, bestaanswyse (leefwyse) van die mens, aanbidding, saligheid en sekerheid.

Verhoudingswaardes het te make met sosiale waardes, dit wil sê die verhouding tussen twee of meer persone. Die benaderingswyse tot naasteliefde, medemenslikheid en diensbaarheid word onder andere hierby ingesluit. Ander waarde-indikators wat hierby ingesluit is, is:

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Hulpvaardigheid, onselfsugtigheid, samewerking, egtheid, gevoel vir ander, begrip, vergewensgesindheid, aanvaarding, vriendskap, simpatie, gelykwaardigheid, intimiteit, besorgdheid, dienslewering (naaste en die samelewing of gemeenskap), gesellige verkeer, verdraagsaamheid, respek, ruimtegunning, lojaliteit en vertrou.

Morele waardes beoordeel gedrag en hou sterk verband met sedelike karaktervorming. Aspekte soos reg of verkeerd, integriteit, aanvaarbaarheid al dan nie, sowel as dit wat as normatief beskou word, val in hierdie kategorie. Waarde-indikators kan die volgende aspekte insluit: Reg/verkeerd, eerlikheid, normatiewe, aanvaarbaar/onaanvaarbaar, waarheid, deugszaamheid, kuisheid, reinheid, gewetenskeuses, geestelike krag, norm-erkenning, onomkoopbaarheid, reëls, rigsnoere, maatstawwe, verkieslikheid, wenslikheid, trou en lojaliteit.

Estetiese waardes verwys na die waarneming en beoordeling van die mooie of skone. Kuns, musiek, en ander kunsoorte, skeppingsvermoë, skoonheid, harmonie en kreatiwiteit vorm deel van hierdie waarde. Waarde-indikators is onder andere ook uitdrukkingsvermoë, kleur, klank, beweging, smaak, voorkoms en ander kunselemente en –beginsels.

Ekonomiese waardes is op welvaart, die materiële, sowel as dit wat nuttig en prakties is, gerig. Arbeid wat betrekking het op produktiwiteit, vooruitgang, bemarking, gerief, verdienste en geld is hier van toepassing. Oordeelkundige gebruik en besparing van middele is ook belangrike waarde-indikators in hierdie groep. Verder kan lewenstandaard, arbeidsverrigtinge, welvaart, wins, belegging, bruikbaarheid en dienslewering ook hieronder sorteer.

Kultuurwaardes verwys na dit wat mensgemaak is, en sluit taal, objekte (tegnologie) of gedrag in. Kultuurwaardes handel ook oor dit wat bewaar moet word vir die opvolgende geslagte. Waarde-indikators van hierdie groep is onder andere ook die volgende: tradisie, lewenstyl, beskawing, geesteslewe, gewoontes, besluite, geskiedkundige gebeure, taal, etnisiteit en oudhede.

Politiese waardes het veral te make met 'n staatkundige groep wat beleid en planmatige optredes bepaal. Aspekte soos vryheid, gelykheid, stemreg, prestige, mag en landsake word hieronder geplaas. Verder sou die volgende waarde-indikators ook hieronder val: patriotisme, regeer, lid van 'n politieke party, beleid, openbare optrede, oorleg en taktiek.

Regswaardes verwys na regverdigheid en normatiewe beginsels in die uitoefening van die reg. Pligte, reg en geregtigheid, regsgevoel, regs kennis, regsadvies, vervolging, onpartydigheid, wetsgehoorsaamheid, deugszaam, billikheid en selfs vergelding is waarde-indikators in hierdie groep.

Nasionale waardes verwys na dit wat tot 'n bepaalde nasie behoort en hom onderskei van ander nasies. Vaderlandstrou, burgerskap, demokrasie, broederskap, diplomatieke betrekkinge, nasionale sekuriteit, vryheid, differensiasie en die behoud van identiteit is waarde-indikators van die kategorie.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Intellektuele waardes verwys veral na die verstandelike vermoëns. Vaardighede, analitiese denke, aanlegte, logika, navorsing, waarnemingsvermoë, ondervindinge, kreatiwiteit, skrandigheid, ruimdenkend (openheid vir ander standpunte), redeneer, begrip, bekwaamheid, tegnologiese uitvinding, ambisie, prestasie, wysheid, en verbeeldingrykheid val ook in hierdie groep.

Liggaamlike waardes verwys na die fisieke. Gesondheid, liggaamshouding, netheid, liggaamsoefening, versorging, uiterlike voorkoms, liggaamsontwikkeling, liggaamsopvoeding, aantreklikheid en versorging is onder andere as waarde-indikators hier van toepassing.

Ontspanningswaardes verwys na verskeie vorme van ontspanning. Plesier, vermaak, opwinding, afleiding, ontspanningslektuur, stokperdjies, sport, rus, gemak en selfs sosiale omgang en aanvaarbaarheid word hierby as waarde-indikators ingesluit.

Veiligheidswaardes impliseer 'n veilige toestand waar daar nie bedreigings vir onder andere voortbestaan is nie. Waarde-indikators is onder andere sekuriteit, beskerming, versekering en geborgenheid.

Outoriteitswaardes verwys na gesag, mag en beheer. Mag, roem, prestige, selfliefde, sosiale aansien, outonomie, leierskap, oorheersing, voorskriftelikheid, persoonlike outoriteit, onafhanklikheid, regeer en bestuur is waarde-indikators van hierdie groep.

Selfwaardes is op die self naamlik selfkennis, selfhandhawing en selfaktualisering, gerig. Selfdisipline, verwagtinge, selfbeheersing, selfverwesenliking, volwassenheid, selfkennis, selfbepaling, eie behoeftes, selfrespek, houding, privaatheid, selfstandigheid, selfvervulling en verantwoordelikheid word onder andere hierby as waarde-indikators gereken. Persoonlikheidseienskappe soos onder ander geduld en individualiteit word deel van hierdie waardeterrein.

Gemoedswaardes verwys na die stemminge of innerlike gesteldheid van 'n persoon se gemoed. Dit funksioneer op die affektiewe (emosionele) vlak. Vriendelikheid, gevoel, erns, innerlike gesindheid, beswaardheid, stabiliteit van emosies, informaliteit, emosies, nederigheid en gesindheid is waarde-indikators hiervan. Sekere waarde-indikators van gemoedswaardes is ook indikators van persoonlikheidseienskappe.

Beroepswaardes verwys na die werk wat iemand doen om 'n bestaan te maak. Dit het te make met verdienste, lojaliteit, werksgeluk, werksetiek, werksverhouding, wedywering, vakkundigheid en onafhanklikheid. Verdere waarde-indikators van beroepswaardes is prestasie, sekuriteit, status, medemenslikheid, kreatiwiteit, werktrots, intellektuele stimulering, wedywering, selfverwesenliking, erkenning, materiële sukses, leierskap, gerief, beroepskeuse, vakkundigheid, tegnologiese bemeestering en houdings.

Omgewingswaardes verwys na die ruimtes om 'n persoon en die waardering daarvan. Respek en liefde vir die natuur, lewe in die natuur, soos plante en diere, sowel as die bewaring

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

daarvan is deel van dié groep waardes. Ander waarde-indikators is natuurskoon, rondreis, uitkamp, asook ontdekkings en navorsing in geografie en geologie.

Lewenswaardes dui op die voortbestaan van die mens naamlik die biologiese, fisiologiese en vitale waardes wat eie aan lewe is, is hier van toepassing. Waarde-indikators is basiese konsepte soos onder andere versorging, lewenskragtigheid, geborgenheid, kleding, voeding, veiligheid, oorlewing, slaap, seksualiteit en beweging.

Tyd-ruimtelike waardes impliseer die beleefde en geleefde tyd en ruimte in menslike terme. Hede, verlede, toekoms en die perspektief daarvan vorm deel van die groep. Verdere waarde-indikators is onder andere privaatheid, verganklikheid, ervaringe, orde, tydsbeplanning, leefruimte en sinvolheid.

Na 'n intensiewe studie van waarde-indelings het Hattingh (1991:198-218) bogenoemde lys saamgestel. Die samestelling is op grond van die volgende kriteria gedoen:

- Sinvolheid en betekenis vir die mens.
- Kwantiteitsvoorkoms en gebruiksfrekwensie van navorsers.
- Waarneembaarheid en klassifiseerbaarheid van hoofsoorte en indikators.
- Voorkoms, oordraagbaarheid en opvoedkundigheid in die leefwêreld.

Hattingh (1991) se indeling strek oor 'n wye spektrum van die leefwêreld en belevinge van 'n persoon. Volgens Hattingh (1991:200) is daar gepoog om soveel as moontlik indikators weer te gee en almal verskyn nie op bostaande lys nie. Dit is egter nodig dat 'n waarde-indikator met 'n bepaalde situasie in verband gebring moet word sodat dit korrek geklassifiseer kan word. Die rede vir hierdie stelling is dat baie van die indikators in meer as een groep voorkom. 'n Voorbeeld is privaatheid wat as 'n tyd-ruimtelike waarde-indikator sowel as 'n waarde-indikator van selfwaarde gegee word.

6.2 Allport

Die volgende ses kategorieë van waardes (Allport, Vernon & Lindzey; 1960) word gegee en is ook al dikwels in navorsing gebruik.

Teoretiese waardes is gebaseer op 'n kognitiewe, intellektuele benadering van 'n persoon. Verskille, ooreenkomste en ontledings word gedoen en dit wil voorkom of dit 'n benaderingswyse tot objekte, gebeure, situasies en ook die abstrakte is.

Sosiale waardes sluit waardes van liefde en die verhouding met ander persone in. Dit is dus 'n mensgerigte of intermenslike kategorie.

Politieke waardes sluit aspekte soos mag en gesag in en kan op die medemens sowel as objekte van toepassing wees. Dit is egter die mag oor ander persone wat die hoofklem is.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Ekonomiese waardes dui op materiële gewin. Dit hoef egter nie altyd fisiese geld te wees nie, maar die versigtige gebruik van objekte sodat die meeste voordeel daaruit gekry kan word.

Estetiese waardes wys op kunssinnigheid en die belewing en bewustheid van die mooie of skoonheid in die kunste.

Religieuse waardes dui op geloof in die bomenslike mag en gesag (meta-fisiese) en vorm die basis van hierdie groep waardes. 'n Godsdienstige lewensfilosofie gee die inhoud aan so 'n lewensbeskouing en benadering.

Hierdie indeling word ook tot 'n groot mate deur Spranger, Prinsloo en De Kock ondersteun (Prinsloo, 1983:51-53; Hattingh, 1991). Verskeie navorsingstudies is al op hierdie indeling gebaseer. Spranger beskou ook hierdie waardes as reflekerend van ses 'menstipes' (persoonlikheidstipes). Daarom kan persoonlikheidstipes aan hierdie indeling gekoppel word. Hattingh (1991) noem dat iemand deur sy persoonlikheid en deur sy bepaalde kulturele omgewing gestimuleer kan word om oorwegend in 'n bepaalde kategorie te val.

6.3 Grobler

Grobler (1985: 20) is 'n opvoedkundige wat die volgende waardes onderskei:

- Relatiewe.
- Absolute.
- Religieuse.
- Ekonomiese.
- Kulturele.
- Morele.
- Wêreldse.
- Nuttigheids.
- Logiese.
- Estetiese.
- Etiese.

Hierdie indeling dui op onder andere gesinsekologiese terreine, naamlik onder andere die kulturele, religieuse en ekonomiese waardeterreine. Funksionele eienskappe word verteenwoordig in die logiese en nuttigheidskategorieë. Verder kan 'n klassifikasie soos die absolute en relatiewe ook ander waardeklassifikasies, soos byvoorbeeld die morele en etiese, insluit. Die tekortkomings van Grobler (1985) se klassifikasie lê daarin dat nie al die gesinsekologiese terreine geakkomodeer word nie. Daarom is dit nie 'n geskikte klassifikasie vir hierdie studie nie.

6.4 Joubert

Joubert (1986:113-116), 'n sosioloog, verwys na die volgende waardeklassifikasie:

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- Estetiese.
- Etiese.
- Politieke.
- Godsdienstige.
- Regswaardes.
- Opvoedkundig.
- Super-ego.

Verskeie gesinsekologiese terreine word gedek, maar belangrike terreine soos die ekonomiese- en verhoudingsterrein ontbreek. Daarom is hierdie klassifikasie ook nie geskik vir hierdie studie nie.

6.5 Landman

Landman in Landman, Roos en Liebenberg (1971:115), 'n opvoedkundige, onderskei die volgende waardes:

- Godsdienstige.
- Ekonomiese.
- Sosiale.
- Lewensverpligtende (dis verpligtend, 'n lewensopvatting en lei tot keuses).
- Nasionale (identiteit, vaderlandstrou, -bewaring, -liefde en vryheid).
- Christelik-Protestantse (sluit onder andere, eerlikheid, billikheid, verdraagsaamheid, kuisheid en barmhartigheid in).

Dit is verder duidelik dat Landman vanuit 'n era van die sogenaamde Christelik-nasionale sienswyse sy indeling benader. Twee terreine wat die meta-fisiese aspek dek, naamlik die godsdienstige en Christelik-Protestantse, dui op oorvleueling. Omdat daar na Christelik-Protestants verwys word, kan dit 'n aanduiding van 'n sekere tydperk wees. Hierdie is dus nie 'n tydlose indeling van waardes nie. Verder ontbreek daar ook sekere lewensterreine waar waardes funksioneer.

6.6 Lofquist en Davies

Lofquist en Davies (1979:15) verwys net na ses beroepswaardes. Die volgende waardes word ingesluit: veiligheid, status, prestasie, gerief, altruïsme en outonomie. Hierdie waardes vorm ook deel van die waardes of waarde-indikatore van beroepswaardes soos Hattingh (1991:208) dit beskryf.

6.7 Prince-Gibson en Schwartz

- Prince-Gibson en Schwartz (1998:53-55) het die volgende waardes ten opsigte van waardeprioriteite in navorsing gebruik:
- Mag: Status, prestasie, kontrole, outoriteit en dominansie.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- Prestasie: Persoonlike sukses, sosiale standaard, sukses, rykdom en ambisie.
- Hedonistiese: Plesier, sensuele bevrediging en opwinding.
- Stimulasie: Opgewondenheid, aardigheid en waagmoed.
- Selfgerigtheid: Onafhanklik, kreatiwiteit, ontdekking .
- Universalistiese: Begrip, toleransie, natuurbewaring, sin van die lewe en ruimdenkend.
- Liefdadige: Hulpvaardig, vergewensgesind, sosiale regverdigheid en welsyn.
- Konformisties: Beperkend, selfdisipline, gehoorsaam en harmonie.
- Tradisionele: Respek, verbintenis, aanvaarding, toegewyd aan gebruike en idees.
- Sekuriteits: Veiligheid, harmonie en stabiliteit (self, gesin, gemeenskap, nasie).

Hierdie waardes betrek nie die gesinsekologiese terreine nie en daarom is dit nie geskik vir hierdie studie nie.

6.8 Rescher

Rescher (1969:95) verwys na ses soorte waardes en hierdie indeling sou ook by die gesinsekologiese terreine kon aansluit. Die indeling is baie breed en sluit verskeie gesinsekologiese terreine onder een afdeling in. Die volgende waardes word genoem:

- Selfgeoriënteerde.
- Groepgeoriënteerde.
- Sosiaalgeoriënteerde.
- Nasionaalgeoriënteerde.
- Medemensgeoriënteerde.
- Omgewingsgeoriënteerde.

6.9 Rokeach

Rokeach se waardeklassifikasie word genoem aangesien dit wyd bekend is en in navorsing gebruik word. Sy waarde indeling bestaan uit twee hoof groepe, naamlik instrumentele en terminale waardes (Rokeach, 1973:759). Instrumentele waardes verwys na dit wat die gewenste manier van optrede is en rigting aan gedrag gee. Persoonlike en sosiale waardes wat onder andere gemoedswaardes, liggaamswaardes, intellektuele waardes en selfwaardes insluit, is instrumentele waardes. Terminale waardes verwys na die eindtoestand van bestaan. Beide terminale en instrumentele waardes sou in die gesinsekologiese terreine van waardes, soos Hattingh dit uiteensit, geakkomodeer kon word.

6.10 Van der Ven

Van der Ven (1985:41) het waardes saamgestel wat ook by die gesinsekologiese waardeterreine aansluit. Die volgende waardes word ingesluit:

- Fisiese.
- Biologiese.
- Finansiële.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

- Ekonomiese.
- Politieke.
- Tegnologiese.
- Juridiese.
- Sosiale.
- Kulturele.
- Seksuele.
- Estetiese.
- Emosionele.

Die meta-fisiese (religieuse) soos verskeie ander terreine wat Hattingh noem, ontbreek.

Sommige van die klassifikasies wat in hierdie hoofstuk genoem is kom tot 'n groot mate ooreen. Die ooreenkomste tussen verskeie van die genoemde klassifikasies en die tipologie van Hattingh kan in die onderstaande tabel uiteengesit word.

TABEL 2.1: OOREENKOMSTE TUSSEN KLASSEKASIES VAN WAARDES

Hattingh se tipologie	Ooreenkomste				Totaal
	Allport	Grobler	Joubert	Van der Ven	
Verhouding	*			*	2
Religieus	*	*	*		3
Moreel		*	*		2
Esteties	*	*	*	*	4
Ekonomies	*	*		*	3
Kultureel		*		*	2
Polities	*		*	*	3
Reg			*	*	2
Intellektueel	#		#		2
Nasionaal					
Liggaamlik				#	1
Ontspanning					
Veiligheid					
Outoritêr					
Self			#		1
Gemoed				*	1
Beroep					
Omgewing				#	1
Lewe				#	1
Tyd-ruimtelik					

Waar dieselfde kategorie gebruik word, word dit met 'n * aangedui. Waar die klassifikasie by die van Hattingh kan inskakel word dit met 'n # aangedui.

WAARDES EN VERWANTE KONSEPTE

Uit Tabel 2.1 is dit duidelik dat die eerste nege waardes die algemeenste in hierdie klassifikasies voorkom.

7 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is daar aandag aan die wesenskenmerke van waardes gegee. Dit is juis hierdie kenmerke wat waardes van ander verwante konsepte onderskei. Wanneer waardes bestudeer word, is hierdie kenmerke belangrik.

Verder is moontlike verklarings ten opsigte van die ontstaan en vorming van waardes gegee. Hierdie verklarings kan in verband met verklarings rondom 'n individu of 'n etniese groep se waardes gegee word (kyk Hoofstukke 8, 9 & 10).

'n Verdere aspek is die funksionele aard van waardes. Ook hierdeur is die dinamika en belangrikheid van waardes aangedui. Die dinamika van waardes word in die volgende hoofstukke verder geneem wanneer die belangrike invloed van waardes in kultuur en die gesin bespreek word.

Die verskeie klassifikasies van waardes is genoem sodat dit met Hattingh (1991) se tipologie van waardes vergelyk kan word. Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die tipologie van Hattingh die wydste moontlike dekking van die gesinsekologiese waardeterreine gee. Daarom word dit as meetinstrument in hierdie studie gebruik.



HOOFSTUK 3

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

- 1. INLEIDING**
- 2. OMSKRYWING EN EIENSKAPPE VAN KULTUUR**
- 3. KULTUUR, GESINSEKOLOGIE EN WAARDES**
- 4. OORDRA VAN KULTUUR**
- 5. SLOTOPMERKING**

HOOFSTUK 3

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die teoretiese agtergrond van kultuur gegee sowel as die rol wat kultuur by die vorming en toepassing van waardes speel. Verder word hierdie wisselwerking tussen kultuur en waardes binne die gesinsekologiese konteks ook uitgelig. Die ander aspekte wat in hierdie hoofstuk bespreek word is die volgende:

- Omskrywing en eienskappe van kultuur.
- Die vervlegdheid tussen waardes, kultuur en die gesinsekologie.
- Die oordra van kultuur wat verskillende modelle insluit.

In 'n multi-kulturele land met verskeie etniese groepe soos Suid-Afrika en waar verskillende etniese groepe in hierdie studie betrek word, is dit belangrik dat die kultuurgroepe geïdentifiseer word. Volgens Kok (1992) en Oliver en Christian (1994:9) kan taal as 'n primêre onderskeier van kultuur en etniese groepe gesien word. Gevolglik word die verskeie taalgroepe as 'n maatstaf gebruik om kulture te onderskei. Die kulture van die betrokke etniese groepe van hierdie studie sal nie beskryf word nie. In die ontleding van die resultate sal daar na kulturele gebruike ten opsigte van waardes en waarde-oriëntasies verwys word.

Die onderlinge invloed van kulture kan ook nie ontken word nie. Daarom sal daar aan aspekte soos akkulturasie aandag gegee word. Om onduidelikhede ten opsigte van konsepte soos kultuur en akkulturasie te vermy is dit nodig om genoemde konsepte te omskryf.

2 OMSKRYWING EN EIENSKAPPE VAN KULTUUR

2.1 Kultuuromskrywing

Kultuur kan die beste omskryf word deur na die verskillende definisies van kultuur te kyk en dit kortliks te bespreek. Volgens Kok (1992:26) is daar verskeie definisies van kultuur. Hierdie definisies kan onder andere as beskrywend, normatief en/of psigologies verdeel word. Twee definisies word deur Kok genoem wat beskrywend is en wat by hierdie studie aanklank vind aangesien daar indirek na waardes en gesinsekologiese terreine verwys word. Die definisies kan kortliks soos volg geformuleer word:

- Kultuur is 'n kompleksiteit van kennis, oortuigings, kuns, moraliteit, gebruike en ander vermoëns en gewoontes wat 'n individu as lid van 'n gemeenskap aanleer.
- Kultuur is die geheel van menslike skeppinge, materieel of geestelik, wat deur 'n volk ontwikkel word gedurende 'n proses van aanpassing by sy omgewing.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Moghaddam, Taylor en Wright (1993:2) se verkorte definisie van kultuur beklemtoon die belangrikheid van die ekologie:
Kultuur is die mensgemaakte deel van die omgewing.

'n Volgende beskrywing volgens Mc Cray (1994:41-46) van wat kultuur is, sluit handelinge op die gesinsekologiese terreine sowel as die oordra daarvan in:
Kultuur is 'n integrale patroon van gedrag wat denke, taalgebruik, handelinge en artefakte insluit wat deur 'n groep geleer word en na die volgende geslagte oorgedra word.
Verder word genoem dat kultuur gesinstrukture, gesinsrolle, verhoudings, gelowe, houdings, praktyke, style en kommunikasie definieer (Mc Cray, 1994:41-46; Haralambos & Holborn, 1995:3-7).

Fortman (1971:61) en Triandis (1994:2) se omskrywing van kultuur sluit ook aan by die oordraagbaarheid van kultuur en noem dat kultuur die volgende is:
Kultuur gee 'n historiese oordraagbare patroon van betekenis wat deel is van simbole, 'n sisteem van oorgelewerde konsepte wat uitdrukking vind in simboliese vorme van kommunikasie, persepsies en daarmee saam die ontwikkeling van kennis en houding teenoor die lewe.

Alisjahbana (1966) en Scupin (1998:36) noem ook dat kultuur verskeie aspekte insluit naamlik:

- Kennis, gelowe, kuns, wette, morele denke, gebruike en ander vermoëns wat 'n persoon aanleer as 'n lid van 'n gemeenskap;
- 'n sosiale erfenis of tradisie;
- normatiewe aspekte, mode, lewenstyl, reëls, ideale, waardes asook gedrag;
- verder is kultuur 'n artefak en dit is ook wat 'n mens van 'n dier onderskei.

Kok (1992) sluit aan by laasgenoemde definisie dat kultuur te make het met die natuur en die mens (anders as die dier) se vermoë en Goddelike opdrag om daaroor te heers. Hy noem verder dat kultuur gesien kan word as gedagtes, maniere van optrede en waardes.

Uit bogenoemde definisies is dit duidelik dat kultuur nie net verwys na objekte nie, maar ook na optredes en bepaalde redes vir optredes (onder andere waardes). Kultuur dek die leefwêreld, emosionele wêreld, die denkwêreld en die vaardighede van die persoon of persone binne gesinsekologiese terreine. Lett (1987:55-57) spreek juis hierdie aspekte van kultuur aan en meen dat daar verskillende benaderingswyse hierin opgesluit lê. Die volgende benaderings tot kultuur kan gevolg word naamlik:

- die aanpassing by die gesinsekologie;
- die kognitiewe soos kennis van 'n spesifieke kultuur se gebruike en waardes;
- die gestruktureerde sisteem van gedeelde simbole wat gegrond is op die strukturalisme;
- die simboliese sisteembenadering wat algemene simbole en betekenis insluit.

Al bogenoemde benaderings kan in hierdie studie geakkomodeer word.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Kennis is nodig van die gebruike en norme binne die kultuur aangesien dit die diepste waardes weerspieël. Die gestruktureerdheid van 'n kultuur (byvoorbeeld die gesinstruktuur), saam met die bepaalde simbole wat in gesins- en ontwikkelingstake na vore kan kom, is 'n aanduiding van hoe waardes binne die kultuur uitgedruk word. Die simboliese betekenis sal ook help om moontlike verklarings vir waardegestuurde gedrag van 'n kultuur te gee (Boesch,1991:363).

Die definiëring van kultuur is 'n vertrekpunt vir die eienskappe van kultuur. Daarom is dit belangrik om, nadat die definisies van kultuur bespreek is, oor te gaan na die eienskappe van kultuur.

2.2 Eienskappe van kultuur

Die eienskappe sluit die aard en funksie van kultuur in. Vir volledigheidshalwe word dit hier genoem en sal daar telkens in hierdie hoofstuk en verdere hoofstukke daarna verwys word.

Die volgende eienskappe van kultuur word deur Els (1993:71-79), Ferraro (1993: 24-34) en Scupin (1998:37-49) erken:

- Kultuur is eie aan die mens.
- Kultuur word geskep en kan aangeleer word (vertikaal van geslag tot geslag en/of horisontaal onderling of van 'n ander kultuur).
- Kultuur kan die waarde van en optrede teenoor die verskillende gesinsekologiese terreine waarop mense beweeg bepaal.
- Kultuur kan deur interne sowel as eksterne kragte verander.
- Verskeie faktore (byvoorbeeld gesinsekologie en persoonlikheid) kan kultuur beïnvloed.
- Kultuur kan in komponente opgedeel word soos byvoorbeeld materiële (byvoorbeeld fisiese produkte soos kleding en behuising) en nie-materiële kultuur (byvoorbeeld waardes en norme).
- Selfs biologiese prosesse kan deur kulturele oortuigings en gebruike beïnvloed word.
- Kultuur kom universeel voor en manifesteer in sisteme soos die ekonomiese, gesin, opvoeding, sosiale kontrole en die bonatuurlike. Hierdie sisteme vorm 'n geïntegreerde geheel wat mekaar onderling beïnvloed.
- Alhoewel kultuur universeel is ten opsigte van bogenoemde sisteme, is dit tog verskillend van een (etniese) groep tot 'n volgende.
- Kultuur word met bepaalde groepe gedeel, nie noodwendig met almal in die groep nie.
- Diversiteit van kulture kom voor en gee oorsprong aan etnosentrisme en kulturele relativisme.
- Etnosentrisiteit (kultuurgesentreerdheid) kom in 'n meerdere of mindere mate by alle kulture voor.
- Verskeie kultuurvorms soos simbole weerspieël die kultuur en gee betekenis daaraan.
- Kultuur en waardes is voorskrytelik vir bepaalde optredes.
- Kultuur kan onderskei word as die ideale of die werklike (byvoorbeeld werklike gedrag teenoor verkieslike of ideale gedrag).
- Kultuur kan tot bepaalde gedragspatrone lei.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Bogenoemde eienskappe sal in ag geneem word wanneer die resultate van hierdie studie bespreek en verklaar word. Vervolgens sal die verband tussen kultuur, gesinsekologie en waardes blootgelê word.

3 KULTUUR, GESINSEKOLOGIE EN WAARDES


Die volgende aspekte van kultuur, waardes en gesinsekologie is belangrik vir hierdie studie en word in verdere hoofstukke na verwys:

- Waardes is deel van 'n bepaalde kultuur (Kok, 1992, Scupin, 1998:36-39) en lei tot waardeprioriteite, waarde-oriëntasies en waardesisteme.
- Waardes sowel as kultuur funksioneer binne bepaalde gesinsekologiese terreine (Parsons & Bales, 1955:357-358; Els, 1993).
- Bepaalde kultuurgroepe kan voorkeur aan sekere waardes gee (Biesheuvel, 1980; Oliver & Christian, 1994:14). Kultuurgroepe het 'n behoefte om hul waardes, bepaalde norme, gebruike en behoeftes te handhaaf. Hierdie waardes en/of waarde-oriëntasies kan dus na verwys word as kultuurgebonde waarde-oriëntasies.
- Daar is ook waardes wat universeel voorkom en hierdie waardes fungeer deur verskeie individue of groepe op verskillende vlakke van belangrikheid (Rokeach, 1973:3) en verskillende waarde-oriëntasies. So kan etniese groepe se waardeprioriteite en waarde-oriëntasies verskillend wees, maar daar kan ook gemeenskaplikheid van waardeprioriteite en waarde-oriëntasies oor verskillende etniese groepe wees.
- 'n Ander belangrike feit is dat wanneer verskeie kultuurgroepe binne 'n bepaalde fisiese geografiese gebied (of gesinsekologiese terreine) saam woon en of werk kan eensydige en of wedersydse beïnvloeding (akkulturasie) plaasvind (Els, 1993). Op hierdie wyse kan 'n etniese groep se waardeprioriteite en waarde-oriëntasies deur 'n ander etniese groep beïnvloed word.
- Verskillende kultuurvorme byvoorbeeld gedragspatrone en houdings weerspieël verskillende waardes (Kaiser, 1990:49-54). Hierdie kultuurvorme kan op verskillende gesinsekologiese terreine waargeneem word (Els, 1993). Daarom word kultuurvorme soos waarde-oriëntasies, gedragintensies, -patrone, houdings, doelwitte, behoeftes en oortuigings op verskillende gesinsekologiese terreine as weerspieëling van waardes gesien.
- Sosiale instellings soos die huisgesin as gesinsekologiese terrein is die primêre vormer en beïnvloeder van waardes en kultuur (Duvall & Miller, 1985:61; Henderson, 1985:110). Sekondêre invloede soos die skool, speel ook 'n belangrike rol waar dit by kultuur en waardes kom en daarom sal dit ook ingedagte gehou word in hierdie navorsing.

Kultuur en waardes kan nie los van mekaar gesien word nie, want kultuur is die agtergrond waarbinne en waaruit waardes te voorskyn kom. Daarom meen Mc Cray (1994:43) dat navorsing ten opsigte van menslike gedrag (en waardes) altyd binne die kulturele konteks gedoen moet word. Die gesinsekologie terreine vorm deel van die 'kulturele konteks' waarbinne 'n individu waardegestuurde besluite neem. Hierdie wisselwerking tussen

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

kultuur, waardes en die gesinsekologiese terreine kan in die volgende vereenvoudigde skema uiteen gesit word.



FIGUUR 3.1: DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR, WAARDES EN DIE GESINSEKOLOGIESE TERREINE

4 OORDRA VAN KULTUUR

Die oordra van kultuur sluit die oordra binne een bepaalde kultuurgroep sowel as die invloed van een of meer kultuurgroepe op mekaar in. Eerstens sal daar op die oordra binne 'n bepaalde groep gefokus word.

4.1 Oordra van kultuur binne 'n kultuurgroep

Kultuur word oorgedra van een geslag na 'n ander en ook onderling. Die oordra en aanleer van kultuur geskied deur die proses van enkulturasie. Volgens Scupin (1998:37) is enkulturasie die proses van sosiale interaksie van persone van 'n bepaalde kultuurgroep waardeur die spesifieke kultuur aangeleer word. Enkulturasie is 'n leerproses deur situasie- of omstandigheidsleer en/of sosiale leer (Scupin, 1998:37). Situasieleer is 'n probeer-en-tref-metode en is afhanklik van ondervinding. Daar is dus 'n mate van kondisionering betrokke omdat die gedrag aangepas word wanneer die stimulus gegee word. Sosiale leer daarenteen is meer op waarneming van gedrag gerig. Die gedrag van onder andere ouers, onderwysers en vriende word waargeneem en by die waarnemer se bestaande gedragspatrone geakkommodeer. Nabootsing is dus hier van toepassing.

Volgens Kok (1992) het kultuurgroepe die behoefte om hulself en hul gebruike te handhaaf. Daarom dra hul kultuurgebruike (byvoorbeeld gesins- en ontwikkelingstake) en waardes, wat ingebed in hul kultuur is, aan hul kinders en die jong geslag oor. Sodoende leer die nuwe geslag kultuur aan.

Die oordra van die kulturele waardes en gebruike kan en vind onder andere binne die gesin plaas (Moss & Sharpe 1980:137-157; Harvey, 1992). Die oordra van waardes word as 'n gesinsfunksie gesien en is nie afhanklik van 'n spesifieke gesinsvorm of gesinstruktuur nie. So word in ander strukture soos die Kibutzstelsel, gesinsfunksies (soos die oordra van waardes) nie totaal uitgesluit nie (Rubkin & Rubkin 1973; Steyn, 1975). Dit is ook in hierdie omstandighede dat daar 'n spontane funksionering van gesinsfunksies plaasgevind het.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Gesinne met enkelouers bly steeds belangrik wanneer die oordra van waardes en kultuur ter sprake is (Barber & Eccles, 1992; Georgas & Kalantzi-Azizi, 1992). Die gesin, in watter vorm dit ook bestaan, is en bly die primêre vormer en beïnvloeder van die kind se waardes en kulturele belewenisse en gebruike. Hierdie bespreking sal verder in 'n volgende hoofstuk oor die gesin gevoer word.

4.2 Akkulturasie


In Suid-Afrika is daar verskeie etniese groepe (soos in hierdie studie ook betrek word) met bepaalde kulture wat mekaar onderling beïnvloed. Akkulturasie is wanneer een kultuur deur 'n ander kultuur beïnvloed word. Daarom kan akkulturasie gedefinieer word as die fenomeen wat plaasvind wanneer twee of meer groepe of individue van twee verskillende kulture, in gedurige eerstehandse kontak met mekaar is en dan veranderinge in hul oorspronklike kulturele patroon ondergaan as gevolg van onderlinge beïnvloeding (Pitso-Matlabane, 1993: 12). Wasserman (1995:174) noem dan ook dat sekere aspekte, soos waardes, van die kultuur deur akkulturasie beïnvloed word. Akkulturasie is ook 'n proses. Om die akkulturasieproses te verduidelik kan modelle gebruik word. Die model van Segall (1979) is op die individu gerig en die van Els (1993) en Pratte (1979) is meer op die etniese groep gerig. Die model van Kim (1995) is op die individu sowel as die etniese groep van toepassing.

4.2.1 Segall se akkulturasie-model

Segall (1979: 186) se akkulturasie-model verduidelik die proses waar twee kulture se kragte mekaar beïnvloed asook waar dit deur die omgewingskragte (gesinsekologiese terreine) beïnvloed word. Die volgende aspekte is belangrik:

- Die gesinsekologiese terreine is betrokke by die akkulturasieproses.
- Die kragte van die gesinsekologiese terreine wat die kulturele kragte insluit, werk gelyktydig.
- Die vloeï van die invloede, in hierdie model, wys die wedersydse beïnvloeding van die individu(e) en die gesinsekologiese terreine.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES



FIGUUR 3.2: AKKULTURASIEMODEL VAN SEGALL (1979:186)


Aan die linkerkant van die model word sosialisering- en enkulturasieprosesse van die individu en sy eie kultuur uitgebeeld, naamlik Kultuur 1 of die tradisionele kultuur soos byvoorbeeld die van die Tswana of Sotho. Sosialisering vind eerstens binne die gesinsekologie soos die gemeenskap- /samelewings- en/of gesinsverband plaas. Dit behels onder andere die aanleer van die ‘tradisionele’ of bestaande waardes wat wys op waarde-oriëntasies, reëls, norme en gebruike wat deur die nabye sosialisering-agente soos ouers en ander familie oorgedra word. Deur die proses van enkulturasie en sosialisering in sy eie kultuur kan die jonger geslag bepaalde gedrag en gedragsneigings aanleer.

Aan die regterkant is ‘n voorstelling van die aspekte van Kultuur 2, byvoorbeeld die sogenaamde moderne of Westerse kultuur. Aspekte soos waardes, waarde-oriëntasies, reëls, norme, gewoontes, gelowe en houdings van Kultuur 2 kan die individu ook beïnvloed. Gesinsekologiese terreine soos kommunikasie en ook massakommunikasie, onderwys of formele onderrig, industrialisasie en verstedeliking word faktore wat meehelp om die dominerende en aanvaarbare waardes/waarde-oriëntasies/gebruike van Kultuur 2 (Westerse kultuur) oor te neem. Genoemde faktore tree dan op as sosialisering-agente.

Die gebruik van sogenaamde Westerse medisyne en gesondheidsvoorskrifte vir onder andere verpleging is voorbeelde van hoe die sogenaamde moderne Westerse kultuur die tradisionele kultuur beïnvloed.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Die manier waarop die individu op die kragte reageer, sal bepaal of hy meer na die tradisionele of die moderne kultuur neig en of hy by die huidige situasie aangepas het. Segall (1979:186) se model dui ook hierdie aanpassing aan.




FIGUUR 3.3: UITKOMSTE VOLGENS DIE AKKULTURASIEMODEL VAN SEGALL (1979:186)

In hierdie model is daar vier moontlikhede naamlik: tradisioneel-aangepas, tradisioneel-wanaangepas, modern-wanaangepas en modern-aangepas. Bepaalde waardeprioriteite en ook -oriëntasies kan binne die vier moontlikhede geakkommodeer word.

4.2.2 Els se akkulturasie model

In hierdie basiese model (Els, 1993:42) is daar die kulture van twee etniese groepe naamlik A of B. Akkulturasie word in drie fases ingedeel as kontak-, botsing- en herstruktureringfase.



FIGUUR 3.4 : AKKULTURASIEMODEL VAN ELS (1993:42)

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Die drie fases naamlik die kontak-, botsings- en herstruktureringfases word vervolgens bespreek.

Die kontakfase

(i) Ideë-oordraging en aanvanklike gedragsverandering.

In hierdie fase gaan dit om die oordra van idees en die begin van veranderinge in die gedragspatroon van die individu. Die individu is dus die rolspeler wanneer daar kontak met ander kulture gemaak word.

Nuwe idees, waarde-oriëntasies en gedrag word dan ook deur die individu geëvalueer. Hiervoor gebruik hy sy eie waardesistiem wat uit sy kulturele agtergrond ontstaan het. Gedragspatrone van die individu word deur enkulturasie horisontaal (dieselfde generasie) en vertikaal (opeenvolgende generasies) oorgedra.

Die botsingsfase

(i) Steurnis in die persoonlikheidsstrukture van die individu.

Die persoonlikheidsstrukture van die individu word kultureel bepaal en volgens Coertze (1982:12) dit is veral waar van die primitiewe kulture. Waardes, waarde-oriëntasies en gedrag wat uitloop op 'n kultuurpatroon is ook deel van die persoonlikheidsstruktuur. Hierdie feite is belangrik want gedurende die akkulturasieproses kom die bestaande waarde-oriëntasies en gedrag sowel as die blootstelling aan 'nuwe' waarde-oriëntasies en gedrag in gedrang. Nuwe kulturelement met nuwe en onbekende waarde-oriëntasies moet by ou en bekende kulturelemente geïnkorporeer word.

(ii) Steurnis in die volkscorps van die 'oornemende' groep.

Onstabiliteit by verskeie individue, soos dit in die vorige paragraaf beskryf is, kan lei tot onstabiliteit in die etniese groep en die betrokke kultuur. Wanneer verskillende individue op verskillende vlakke van akkulturasie is kan dit tot versteurde verhoudings lei. Sosiale kohesie word dus versteur as gevolg van verskillende lewenspatrone (Coertze, 1982:14).

(iii) Moontlike maatskaplike ontbinding en kultuuroorname.

Bostaande fases lei tot hierdie fase wat tot maatskaplike disharmonie, disorganisasie en konflik lei. Coertze (1982:15) meen dat dit veral die jeug is wat die nadeligste getref word wanneer enkulturasie nie korrek en volledig plaasvind nie. 'n Moontlike rede hiervoor is omdat die jeug nog besig is om hulle eie waardes en identiteit te vorm. Vir die jeug en die volwassene kan kultuuroordraging en kultuuroorname soms te vinnig plaasvind en gevolglik vind nabootsing plaas sonder dat die waarde saam met die kulturelement oorgeneem word. Verinnerliking van waardes ontbreek dus nog.

Herstrukturering


Wanorde kan in die botsingsfase ontwikkel en volgens Coertze (1982:18) is wanorde teen die menslike natuur en daarom sal daar met 'n herstruktureringproses begin word. 'n Veranderde kultuur (Ab of Ba) met orde kom na vore en die disharmonie en ongestruktureerdheid van die vorige fase word vervang. Dit vereis 'n proses van reïntegrasie en rekulturasie waar 'n nuwe samelewingseenheid te voorskyn kom. 'Nuwe' waarde-oriëntasies, waardeprioriteite, gesins- en ontwikkelingstake wat deur die etniese groep aanvaar word tree dan na vore.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Die akkulturasieproses vind voortdurend plaas. Dit is 'n sikliese proses en nog nuwe waardes word oorgeneem en so kan Ab na Ba verander.

4.2.3 Kim se akkulturasie-model

Hierdie model van Kim (1995:178) illustreer die stres, adaptasie en die tydsverloop in die akkulturasieproses. Verder word die sikliese proses van adaptasie en die stres met 'n spiraal aangedui.



FIGUUR 3.5: AKKULTURASIEMODEL VAN KIM (1995:178)

Hierdie model van Kim sluit aan by dié van Trollip (1991:357) asook 'n model van Els (1993:72) wat voortdurende kontak en geleidelike verandering in die akkulturasieproses weergee. Die toenemende rol wat samelewingstrukture soos skole in opvoeding speel, is 'n voorbeeld van hoe gesinstake soos opvoeding deur die samelewingstrukture oorgeneem word.

4.2.4 Pratte se akkulturasie-model

Kultuurgroepe kan byvoorbeeld as A, B, C en D uitgebeeld word. Hierdie groepe kan langs mekaar fungeer met min of geen beïnvloeding of hulle kan deel van hul kultuur 'verloor', 'n nuwe kultuur ontwikkel of die een kultuur kan die dominante kultuur word. Die onderstaande model is die van Pratte (1979) wat deur die navorser aangepas is om die genoemde veranderinge uit te beeld. Skematies kan dit as volg weergegee word:

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

Samelewingsmodelle	Kultuurgroepe	Eindresultaat.
Assimilasië	ABCD	A
Amalgamasië	ABCD	E
Geïsoleerde kulturele pluralisme	ABCD	ABCD
Gematigde kulturele pluralisme	ABCD	A1, B1, C1, D1

**FIGUUR 3.6 : AANGEPASDE KULTUUR ASSIMILASIE MODEL
VAN PRATTE (1979)**

Waar die samelewingsmodel assimilasië is, is een kultuurgroep dominant soos byvoorbeeld die sogenaamde Westerse blanke kultuur wat oënskynlik in die Verenigde State van Amerika die geval is. Amalgamasië as samelewingsmodel het die eindresultaat van 'n nuwe kultuur naamlik E soos in die model aangedui. Geïsoleerde kulturele pluralisme is wanneer elke kultuur op sy eie bly voortbestaan en daar geen vermenging of nuwe kulture ontstaan nie. Gematigde kulturele pluralisme lei tot 'n geringe verandering van bestaande kulture en sommige waarde-oriëntasies/waardeprioriteite kan of aangeleer of afgeleer word. Slegs by geïsoleerde kulturele pluralisme bly bestaande kulture ongeskonde voortbestaan, terwyl by die ander samelewingsmodelle, kulture mekaar onderling beïnvloed.

4.3 Invloede op die akkulturasieproses

Els (1993:45-67) noem dat die akkulturasieproses gedurig beïnvloed word deur verskeie faktore wat in kombinasie werk. Prosesfaktore sluit onder andere die houdings rondom die historiese (tyd) gebeure, die bepaalde konteks en gesinsekologiese terreine in. Hierdie faktore sal in ag geneem word wanneer 'n inhoudsontleding en verklaring van waardeprioriteite en waarde-oriëntasies bespreek word. Invloede soos persepsies en houdings kan akkulturasie bevorder as dit positief beleef word of rem as dit negatief beleef word.

4.3.1 Faktore wat akkulturasie bevorder

Verstedeliking en modernisme of liberalisme is twee belangrike faktore in die Suid-Afrikaanse situasie wat gehelp het om kontak en gevolglik akkulturasie te bevorder (Pitso-Matlabane, 1993:19-36). Genoemde twee faktore kan tot verandering in die gesinsekologiese terreine lei en die individu, gesin en etniese groep se kulturele benadering tot waardes en waarde-oriëntasies word hierdeur geraak.

Verstedeliking

Om die werking van akkulturasie in die Suid-Afrikaanse opset beter te verstaan is dit nodig om kortliks na verstedeliking te kyk. Verstedeliking is die proses waardeur 'n gemeenskap in stede of 'n stedelike gebied vermeerder (Golden, 1982). Dit sluit die verhuising van die platteland na die stad sowel as geboorte aanwas in die stad in. Daar moet gelet word dat

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

mense met hul waardes, waardeprioriteite, waarde-oriëntasies en kulturele agtergrond van die afgeleë platteland na stede verhuis.

Moghadden, Taylor en Wright (1993:97) noem dat die moderne verstedeliking tot 'n sogenaamde hoë spoed van kommunikasie, 'n verhoogde sosiale mobiliteit en gemaklike kruis-kulturele kontak lei. Hierdie aspekte lei tot die bevordering van akkulturasie in die stede. As gevolg van nouer kommunikasie tussen verskeie bevolkingsgroepe in stedelike gebiede is dit aanvaarbaar om te sê dat akkulturasie meer in die stedelike gebiede as op die platteland plaasvind. Dit is dus belangrik dat 'n etniese groep se waardeprioriteite van die platteland sowel as die van die stedelike gebied in ag geneem word wanneer afleidings gemaak word.

Liberalisme of modernisme

Liberalisme is die teenoorgestelde van konserwatisme en word soms ook modernisme genoem. In Segall (1979:186) se model word liberalisme as 'modern' teenoor konserwatisme as 'tradisioneel' gesien. Met ander woorde in terme van kulturele waarde-oriëntasies, wat meer op konserwatiewe tradisies gebaseer word, sal liberalisme byvoorbeeld lei tot die verandering van bestaande kulturele waardes onderling (Pitso-Matlabane, 1993:33).

Akkulturasie vind plaas wanneer daar meer kontak met verskillende kultuurgroepe is en die gemeenskappe liberaal genoeg is om ander kulture en hul waardeprioriteite en waarde-oriëntasies gedeeltelik oor te neem en deel van hul eie 'nuwe' kultuur te maak.

4.3.2 Faktore wat akkulturasie strem

Dit moet nie sonder meer aanvaar word dat akkulturasie altyd of maklik sal plaasvind nie. Daar is wel faktore wat akkulturasie strem. Faktore wat 'n rol speel om akkulturasie teen te werk is volgens Williams (1979:15-46) die volgende: bedreigdheid van nuwe idees en gelowe, verbondenheid aan die tradisionele kultuur, konsensus oor die nadele van ander kulture se waarde-oriëntasies, sentraliteit van 'n waarde binne 'n kultuur, implikasies soos vrees vir sanksies en verwerping en die verreikende invloed van 'n waarde. Wanneer daar dus bedreiging ervaar word, 'n sentrale waarde geraak word, moontlike sanksies kan volg of die belangrikheid (sentraliteit) van 'n waarde beïnvloed kan word, is die kans vir verandering deur akkulturasie skraler. Wanneer daar egter kongruensie met 'n bestaande waarde van 'n kultuur is en die implikasies nie ingrypend is nie, sal die kans vir verandering deur akkulturasie groter wees.

4.4 Gevolge van kultuurkontak

Uit genoemde modelle is dit duidelik dat die proses van akkulturasie tot bepaalde gevolge kan lei. Taylor (1991) verwys na bi-kulturalisme wat ontwikkel uit kruis-kulturele kontak. Bi-kulturalisme is wanneer 'n persoon meer as een kultuur aanhang. Hierdie situasie kan moontlik ontstaan wanneer 'n individu in een kultuur werk terwyl die gesin binne 'n ander kultuur funksioneer. 'n Ander gevolg is multi-kulturalisme (Taylor, 1991) en kom voor waar daar herhaalde kere kontak tussen verskeie kulture is. Suid-Afrika is 'n voorbeeld van 'n multi-kulturele land. Terme wat vir multi-kulturalisme gebruik word is byvoorbeeld 'reënboognasie',

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

‘mosaïek’ en ‘lappieskombers’. Deur hierdie beelde word aangedui dat die kulture selfstandig langs mekaar bestaan en erken word. Bi-kulturalisme sowel as multi-kulturalisme erken die bestaan van ander kulture in hul optrede en waardes maar vervang nie noodwendig die een kulturele benadering ten opsigte van waardes met ‘n ander kulturele benadering nie.

4.5 Kultuurverskille

Daar is verskeie navorsing gedoen wat kultuurverskille op sekere terreine aandui. Die leemtes wat by hierdie studies bestaan daarin, dat nie alle moontlike terreine gedek word nie en dat kleiner kultuurgroepe buite rekening gelaat word. Ook word daar nie altyd rekening gehou met kruisbestuiwing of akkulturasie tussen kultuurgroepe nie. Laasgenoemde is veral vandag van belang omdat kommunikasie en kontak veel makliker geskied as vroeër.

Wakatama (1991) noem dat in die verlede het mense in homogene kulturele gemeenskappe gebly, maar dat vandag se wêreld as ‘n wêreldstad (*global village*) gesien kan word. Suid-Afrika soos Kanada, België en Switserland onder andere is voorbeelde van kulturele diversiteit (Esterhuyse, 1991). Verskeie etniese groeperings met verskillende kulture, tale, waardes en waarde-oriëntasies leef en werk saam (kyk 4.4). Daarom moet kruis-kulturele invloede op waardes en waarde-oriëntasies by sulke samelewingsgroepe in ag geneem word.

5 SLOTOPMERKING

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat enige navorsing ten opsigte van waardes en waarde-oriëntasies teen die agtergrond van ‘n bepaalde etniese groep se kultuur gedoen moet word. Kruis-kulturele invloede wat deur akkulturasie in ‘n multi-kulturele land soos Suid-Afrika plaasvind moet ook in ag geneem word.

DIE WISSELWERKING TUSSEN KULTUUR EN WAARDES

'mosaïek' en 'lappieskombers'. Deur hierdie beelde word aangedui dat die kulture selfstandig langs mekaar bestaan en erken word. Bi-kulturalisme sowel as multi-kulturalisme erken die bestaan van ander kulture in hul optrede en waardes maar vervang nie noodwendig die een kulturele benadering ten opsigte van waardes met 'n ander kulturele benadering nie.

4.5 Kultuurverskille

Daar is verskeie navorsing gedoen wat kultuurverskille op sekere terreine aandui. Die leemtes wat by hierdie studies bestaan daarin, dat nie alle moontlike terreine gedek word nie en dat kleiner kultuurgroepe buite rekening gelaat word. Ook word daar nie altyd rekening gehou met kruisbestuiwing of akkulturasie tussen kultuurgroepe nie. Laasgenoemde is veral vandag van belang omdat kommunikasie en kontak veel makliker geskied as vroeër.

Wakatama (1991) noem dat in die verlede het mense in homogene kulturele gemeenskappe gebly, maar dat vandag se wêreld as 'n wêreldstad (*global village*) gesien kan word. Suid-Afrika soos Kanada, België en Switserland onder andere is voorbeelde van kulturele diversiteit (Esterhuyse, 1991). Verskeie etniese groeperings met verskillende kulture, tale, waardes en waarde-oriëntasies leef en werk saam (kyk 4.4). Daarom moet kruis-kulturele invloede op waardes en waarde-oriëntasies by sulke samelewingsgroepe in ag geneem word.

5 SLOTOPMERKING

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat enige navorsing ten opsigte van waardes en waarde-oriëntasies teen die agtergrond van 'n bepaalde etniese groep se kultuur gedoen moet word. Kruis-kulturele invloede wat deur akkulturasie in 'n multi-kulturele land soos Suid-Afrika plaasvind moet ook in ag geneem word.



HOOFSTUK 4

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

- 1. INLEIDING**
- 2. OMSKRYWING VAN DIE GESIN**
- 3. KLASSIFIKASIES VAN GESINSTIPES BINNE DIE GESINSEKOLOGIE**
- 4. GESIN BINNE DIE GESINSEKOLOGIESE TERREINE**
- 5. GESINSFUNKSIONERING BINNE DIE GESINSEKOLOGIE**
- 6. SLOTPMERKING**

HOOFSTUK 4

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar op die definisies, die strukture (samestelling/vorme) en funksionering van die gesin (of verwante vorme) gefokus. Die wedersydse invloed van die gesinstrukture en –funksie op die gesinsrolle en spesifiek in die oordra van waardes kry ook aandag. Die wisselwerking tussen die gesinsekologiese terreine en die gesinstrukture, -rolle en funksies word ook uitgelig.

2 OMSKRYWING VAN DIE GESIN

Gesinsdefinisies gee meer inhoud aan die terme gesinstrukture, -funksies en -rolle en daarom word die definisies bespreek. Verder word die bruikbaarheid van gesinsdefinisies (vir hierdie studie) aan die hand van genoemde drie terme ge-evalueer.

Sommige definisies is meer presies en in detail geformuleer, terwyl ander weer algemeen, vaag of wyd geformuleer is. Die definisie van Goode (1982:8) is 'n voorbeeld van 'n 'vae' definisie en lui soos volg:

Die gesin is 'n sosiale eenheid wat uit 'n vader, moeder en kind bestaan.

Goode verteenwoordig die meer tradisionele siening van die gesinstruktuur. In terme van hierdie studie kan hierdie definisie nie aanvaar word nie, aangesien die vader of moeder soms nie deel van die gesinstruktuur is nie. Nie-Westerse kulture (soos die van die inheemse swart etniese groepe) se gesinne is nie noodwendig saamgestel uit beide 'n vader en 'n moeder nie. Vaders bly soms nie by die ma van hulle kinders nie en soms is daar meer as een vrou vir 'n man (Van Schalkwyk, 2000). As gevolg van onder andere hoë egskeidingsyfers is daar ook al hoe meer enkelouers (Gouws, 2000). Verder ontbreek die rolle en funksies van die gesin in die definisie van Goode.

Henderson (1985: 126) noem ook dat 'n gesin tot stand kom uit bloedverwantskap en/of aanneming en omskryf die gesin soos volg:

'n Gesin is twee of meer persone wat op grond van bloedverwantskap, trou of aanneming aan mekaar verbind is en by mekaar woon.

Alhoewel hierdie definisie meer soepel is, ontbreek die verskillende geslagte (volwassenes en kinders), die bepaalde rolle en die funksionele aspek van die gesin.

Duberman (1977:3) beskryf die gesin op die volgende wyse:

Die gesin is 'n sosiale eenheid wat in alle samelewings voorkom en bestaan uit twee geslagte naamlik manlik en vroulik wat in 'n sosiaal aanvaarbare seksuele verhouding funksioneer met hulle eie of aangenome kinders. Die gesinsfunksie is om 'n gemeenskaplike woning te verskaf, ekonomiese samewerking te bevorder en voort te plant.

Hierdie definisie beskryf die gesin se gesinsekologiese verbintenis (samelewings), struktuur en funksie. Die struktuur wat beskryf word, is egter nie omvattend genoeg nie. Alhoewel die Westerse gesin tradisioneel by hierdie gesinskonep inpas, word dit nie meer vandag aanvaar dat beide 'n vader en moeder in 'n gesin teenwoordig hoef te wees nie. Reiss en Lee (1988: 14-24) sowel as Smith (1995: 30-31) bevestig hierdie standpunt en noem verder dat daar kulturele verskille ten opsigte van die siening van gesinne is. Die volgende verskille word genoem:

- Sommige Israeli gesinne maak van die kibbutzstelsel, waar daar 'n gemeenskaplike opvoeding aan kinders gegee word, gebruik.
- In sekere groepe in Indië en Afrika bly die vader of beide ouers nie noodwendig by die kinders nie. Kontak tussen een of beide ouers en kinders is gevolglik beperk (Nkuna, 1986:19).

Sosialisering tussen ouers en kinders geskied dus nie op dieselfde manier as in die algemeen aanvaarde Westerse kultuur nie. Benewens sosialisering word die ekonomiese funksionering van die gesin ook verskillend deur kulture hanteer (Van Schalkwyk, 2000).

Die definisie van Carter (1991:7) omsluit die volgende:

'n Gesin is 'n klein verwantskaps-gestruktureerde groep met die sleutelfunksie van die versorgende sosialisierende funksie van die nuutgeborenes.

Die struktuur en funksie van die gesin is in die bostaande definisie ingesluit. Wie die ouers is en versorgende rol vertolk, word egter nie genoem nie.

Eshleman (1993:2) beskryf die gesin op die volgende wyse:

Dit is 'n sosiale instelling wat om intieme verhoudings gesentreer is en onder meer die funksie van voortplanting en sosialisering van kinders vervul.

Wanneer bostaande definisie na 'n sosiale instelling verwys, word 'n gesinsekologiese gesitueerdheid geïmpliseer. Wat die struktuur betref word daar melding van kinders gemaak, maar nie na volwassenes verwys nie en ook nie die veelvuldige rolle wat hulle speel nie.

Omdat die gesinsfunksie impliseer dat opvoeding, soos die oordra van waardes, plaasvind en ook die rolle moet aandui en wie die verantwoordelikheid daarvoor dra, moet gesinslede geïdentifiseer word. Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat 'n omskrywende definisie van gesinne wat universeel toegepas kan word, moeilik geformuleer kan word. Die rede hiervoor mag die gevolg van gesinsekologiese invloede wees naamlik kulturele verskille, veranderde norme en waardes, hedendaagse ideologieë of denkrigtings, en dies meer. Daarom is die volgende aspekte in die omskrywing van 'n gesin, vir hierdie studie belangrik:

Struktuur: Die persone teenwoordig, naamlik volwassenes en kinders.

Rolle: Volwassenes wat 'n versorgende rol het en kinders wat versorg word.

Funksie: Die liggaamlike, emosionele, geestelike en sosiale versorging van kinders deur veral volwassenes. Genoemde versorging geskied deur middel van die implementering van gesins- en ontwikkelingstake waarin die oordra van waardes ten opsigte van bepaalde gesinsekologiese terreine die fokuspunt is.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

3 KLASSIFIKASIES VAN GESINSTIPES BINNE DIE GESINSEKOLOGIE

Uit die definisies blyk dit dat wat veral strukture betref, daar hoofsaaklik twee breë tipes gesinne is, naamlik konvensioneel en onkonvensioneel. Hierdie klassifikasies sal verder bespreek word. Die rol wat die gesinsekologie in die totstandkoming van hierdie gesinstrukture speel, sal ook uitgewys word.

3.1 Konvensionele gesinne

Met 'n konvensionele gesin word bedoel die algemeen aanvaarde gesinstruktuur en funksie binne 'n bepaalde etniese groep se kultuur. Binne etniese groepe is daar ook verskille ten opsigte van veral die gesinstruktuur of –samestelling en die betrokke rolspelers. Duvall en Miller (1985: 358) noem dat verskeie etniese groepe gesinstrukture, funksies en rolspelers verskillend ervaar. Die volgende verskille word uitgewys:

- Die Anglo-Saksiese kultuur se benadering van gesinne is meestal in die hedendaagse tyd die kerngesinne. Sterk ekonomiese en ideologiese klem op onafhanklikheid kan moontlik hiertoe aanleiding gegee het.
- Sommige etniese groepe in Amerika en Afrika sien gesinne in terme van families (die sogenaamde uitgebreide gesin) en betekenisvolle ander persone. Die kollektivistiese benadering, politieke en ekonomiese opset van hierdie etniese groepe se kulture kon die benadering geïnspireer het (Nkuna, 1996:25).
- Die Spanjaarde en Italianers se kulture beïnvloed ook hulle siening van die gesin en daarom is vier geslagte betrokke by 'n gesin. Goeie vriende sowel as peetouers kan ook 'n bydrae lewer in die opvoeding van kinders. Volgens 'n informant van hierdie studie lê die religieuse voorskrifte van die Rooms Katolieke kerk, wat 'n sterk invloed op hierdie etniese groepe het, klem op die betrokkenheid van peetouers.
- In die Amerikaanse Indiane se kultuur word die stam deel van die gesin beskou en daarom is hulle rolspelers by die oordra van leefwyses en waardes. Hierdie verskynsel kom ook onder sekere inheemse etniese groepe in Afrika voor (Van Schalkwyk, 2000).
- Die voorgeslagte van sommige etniese groepe in Afrika en ook van sommige Chinese, word as deel van die gesin beskou en kan die gesinslewe beïnvloed (Els, 1999).

Volgens Henderson (1985:128) is daar in die Westerse samelewing verskeie aanvaarbare gesinsamestellings (strukture). Die volgende konvensionele gesinstrukture kom ook in Suid-Afrika voor: kern-, enkelouer-, uitgebreide, saamgevoegde en pleegsorggesinne as gevolg van dood, verwaarlosing of egskedding. In hierdie studie word met genoemde konvensionele gesinstrukture gewerk. Hierdie gesinstrukture word verder bespreek wanneer die demografiese inligting van die deelnemers in Hoofstuk 7 bespreek word.

Verskillende etniese groepe se kulture in Suid-Afrika word in hierdie studie betrek, daarom is dit nodig om kennis te neem van die verskillende gesinstrukture. Hierdie strukture het 'n direkte invloed op die funksies en take van die gesin en ook in besonder op die rol wat die ouer lede en/of volwassenes (van die gesin) op die oordra van waardeprioriteite en -oriëntasies het (Ininger-Tallman, 1982). Daarom sal hierdie studie die gesinstrukture in ag neem.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

3.2 Onkonvensionele gesinne

Wanneer verwys word na onkonvensionele gesinne dui dit op daardie strukture wat nie by die konvensionele gesinstrukture van bepaalde gesinsekologieë inpas nie. Dit is dus gesinne wat anders saamgestel is as die algemeen aanvaarde gesinne van die dominante tradisionele kulture (soos byvoorbeeld die Westerse kulture) in 'n bepaalde geografiese gebied (Eshleman, 1994:6). Sommige outeurs verkies om na sulke strukture te verwys as huishoudings aangesien dit verskeie strukture kan insluit.

Volgens Triandis (1994: 113) speel samelewingstendense soos ideologieë en die sterkte van die band tussen die lede van die bepaalde groep 'n rol in die vorming van onkonvensionele gesinne. Waardes en waarde-oriëntasies kan ook hier 'n belangrike rol speel. Die volgende voorbeelde kan genoem word:

- Volgens Eshleman (1994:9) kan die ideologie van pluralisme tot verskeie vorms van gesinstrukture lei. Dit kan meebring dat bepaalde gesinne ook met verloop van tyd kan besluit watter gesinstruktuur op daardie tydstip van toepassing is.
- Kollektiwisme of individualisme bepaal die rol wat individue in bepaalde groepe (byvoorbeeld onkonvensionele gesinne) speel. In sommige kulture soos die van sekere etniese groepe in Afrika is die breër familie, uitgebreide gesin of die sogenaamde 'vakbond van vroue' (Van Schalkwyk, 2000), 'n voorbeeld van kollektiwisme. In sommige gevalle kan individualisme lei tot onder andere enkelouergesinne en homoseksuele gesinne. Laasgenoemde kom voor wanneer 'n homoseksuele maat 'n kind(ers) het via aanneming of natuurlike geboorte waar die kind buite die gesin verwek is (Anslie & Feltey, 1991). Enkelouergesinne, in hierdie konteks, verwys na kinders wat buite die huwelik verwek en gebore word en deur een ouer grootgemaak word.
- Sommige beskou 'n bepaalde groep as die 'gesin' wat dan die gesinsrolle vertolk en gesinsfunksies uitvoer. Sommige van die kibbutzstelsels werk op hierdie basis (Nkuna, 1996:21). Omstandighede kan dus gesinstrukture bepaal.
- Die rol wat ideologiese en religieuse groepe, soos byvoorbeeld bepaalde sektes, speel moet ook nie onderskat word nie. Gesinslede kan hul natuurlike (biologiese) gesinne verlaat en aansluit by sulke groepe wat dan die rolle en funksies van 'gesinne' oorneem.
- Kinderhuise tree ook op as gesinsinstellings. Baie kinders in kinderhuise is nie wees nie, maar weens negatiewe omstandighede tuis word hul deur die wet in kinderhuise geplaas. In baie gevalle word daar 'n sogenaamde huisgesin geskep met huisouers en kinders uit verskeie huise (Botha, 1999; Groenewald, 2001).

Ter wille van die demokratiese bestel word die onkonvensionele verdra. 'n Ander rede hiervoor is dat gesinsekologiese omstandighede sodanig negatief verander dat dit persone dwing om hul eie gesinstrukture te vorm. Gesinstrukture word dus nie net deur die etniese groepe se kulture bepaal nie, maar ook deur omstandighede soos onder andere ekonomiese situasie, gesinsverbodskeling, morele verval en die veranderde rol/posisie van die vrou.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

Wat die gesinstruktuur ook al is, die gesinsfunksies, gesins- en ontwikkelingstake moet nog altyd vervul word vir die optimale ontwikkeling van elke lid van die gesin. Daarom word die oordra van waardes, waardeprioriteite en waarde-oriëntasies, as 'gesinsfunksie', deur alle vorme van 'gesinstrukture' geraak.

4 GESIN BINNE DIE GESINSEKOLOGIESE TERREINE

Van Staden (1994:356) verwys na die nuwere benadering tot kinderontwikkeling, naamlik die ekologiese sisteembenadering wat die gesinsekologie van die kind benadruk. Melton (1996:1236) meen dat elke kind 'n reg op 'n gesinsomgewing (gesinsekologie) het. Dit impliseer dat nie net die gesin nie, maar ook die 'gesinsomgewing' belangrik is (Horowitz, 1995:47). Die sogenaamde 'gesinsomgewing' is ook verantwoordelik vir die voorsiening in die kind se behoeftes soos onder andere ontwikkelingstake. Waar ouers dus nie in hierdie behoeftes voorsien nie, is ander persone wat betrokke is by die bepaalde gesinsekologiese terreine, veral die sosiale en opvoedkundige terreine, verantwoordelik vir die kind se optimale ontwikkeling. Hierdie gesinsekologie word tot 'n groot mate deur die toedoen van volwassenes geskep en beheer eerder as deur die toedoen van kinders. Die gesinsekologie is dus grootliks 'n produk van die volwassenes en kan as sodanig gehuldigde waardes na die kinders oordra.


Eshleman (1994:74) asook Haralambos en Holborn (1995:317), erken die gesin as 'n sosiale instelling. Die volgende eienskappe word aan 'n instelling gekoppel, naamlik 'n area van menslike sosiale lewe wat georganiseer word om die essensiële take van 'n gemeenskap (etniese groep) te organiseer, aan te wys en uit te voer. Dit impliseer ook dat die gesin as sosiale instelling deel vorm van veral die sosiale gesinsekologiese terrein en ook bepaalde rolle en funksies soos die oordra van waardes, behoort te vervul.

Die gesin voorsien ook in die basiese behoeftes van individue en is die mees basiese groep van die gemeenskap/etniese groep. Die sosiale milieu ondermeer, beïnvloed die ontwikkeling van gesinslede individueel en as geheel (Rowe, 1968:210; Bigner, 1983:366). Daarom is die gesin essensieel vir die oorlewing van die gemeenskap/etniese groep. Die omgekeerde is ook waar, naamlik die gesin se afhanklikheid van die gemeenskap/etniese groep (Weil, 1972:3). Uit hierdie gegewens kan daar afgelei word dat die gemeenskap se waardes die gesin en individu beïnvloed (Oliver & Christian, 1994:10; Prilleltensky & Nelson, 1997:169). Net so kan individue en gesinne ook bydra om 'n gemeenskap se waardes te beïnvloed.

Individue, soos die ouers, speel 'n rol in die gesin en ook in die gemeenskap/etniese groep. So kan byvoorbeeld die beroepsrol 'n belangrike skakel tussen die gemeenskap en die gesin wees (Weil, 1972:3,193). Deur hierdie skakeling kan die gesin se waardeprioriteite deel van die gemeenskap word. Die omgekeerde is ook waar naamlik dat die gemeenskap se waardeprioriteite ook die van die gesinne wat die gemeenskap verteenwoordig, reflekteer (Parsons, 1971). Hierdie skakeling help die gesin en ook die jong volwassene om sy eie waardes en die van sy gemeenskap/etniese groep te evalueer (Weil, 1972:194; La Gaipa, 1981:72) en te internaliseer.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

Deacon en Firebaugh (1988:28-51), Harvey (1992) sowel as Prilleltensky en Nelson (1997:172) erken die wedersydse invloed van die gesinsekologie, die gesin en die individu. Hierdie invloed vind op die mikro-, meso- en makro-omgewing plaas. Dit impliseer dat die gesinsekologie in hierdie verskillende omgewings ingedeel kan word. Die onderstaande model van Deacon en Firebaugh (1983:23-28) dui die omgewings van die gesinsekologie aan.



FIGUUR 4.1: GESINSEKOLOGIESE MODEL VAN DEACON EN FIREBAUGH (1983:23)

Die gesin en so ook die individu kom met die mikro-, meso- en makro-omgewing in aanraking en daarom is dit belangrik dat die verskillende omgewings dieselfde waardes en waardeprioriteite handhaaf. Sodoende kan 'n waarde deur die verskillende omgewings bevestig en gevestig word (Prilleltensky & Nelson, 1997:169). Wanneer daar egter verskille ten opsigte van waardeprioriteite tussen die verskillende omgewings is, kan dit ontwrigtend wees.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

Die volgende situasie kan as voorbeeld geneem word. Indien veiligheid belangrik is vir die individu en huisgesin, maar nie vir die samelewing nie, word die huisgesin en die individu se veiligheid bedreig wanneer daar buite die huishouding (mikro-ekologie) beweeg word. Hierdie onveilige toestand het ook implikasies vir die terrein van wet en orde as deel van die reg en kan selfs verder uitkring na ander terreine soos byvoorbeeld die ekonomie. Onveilige toestande soos wetteloosheid kan dus nie net die gesin of individu nie, maar die reg en die ekonomie ook benadeel. Al die verskillende vlakke (mikro, meso en makro) kan uiteindelik betrek word. 'n Probleem op een terrein kan die ander gesinsekologiese vlakke vertikaal (tussen die mikro-, meso- en makrovlakke) en ook horisontaal (tussen terreine onderling) beïnvloed (Marchetti, 1989:24-27).

5 GESINSFUNKSIONERING BINNE DIE GESINSEKOLOGIE

In hierdie studie is daar veral drie aspekte van belang ten opsigte van die funksionering van die gesin naamlik, gesinstake, ontwikkelingstake en gesinsrolle. Gesinstake wys onder andere op die vorming en oordra van waardes. Ontwikkelingstake is daardie take wat die individu moet uitvoer om suksesvol in die gesin en gemeenskap aan te pas. Dit is onder andere die gesin se verantwoordelikheid om die kind te begelei dat die individuele ontwikkelingstake suksesvol voltooi word, sodat die jong volwassene sy plek in die gemeenskap kan inneem. Die ontwikkelingstake wat op die jong volwassene van toepassing is, sal in Hoofstuk 5, verder bespreek word. Gesinsrolle bestaan onafhanklik van die persoon, maar 'n persoon kan 'n bepaalde rol aanneem en so betrokke raak in die oordra van waardes.

5.1 Gesinstake

Die oordra van waardes, as gesinstake, is vir hierdie studie van belang en moet gesien word as dit waaraan die gesinslede en ook die gemeenskap en etniese groep 'n behoefte het. Volgens Parsons en Bales (1955) word waardes 'n gedragspatroon van die kulturele subsisteem (etniese groep). Hierdie gedragspatrone help met die oordra van waardes en ander gesinstake sowel as norme en kan in die gesin geïntegreer word en kan dan uiteindelik deel van die ontwikkelingstake van die individu word. Wanneer die individu, by name die jong volwassene, sy eie waardeprioriteite geïnternaliseer het, is die doelwit van die bepaalde ontwikkelingstake, naamlik die vorming van waardes, bereik.

Wat die funksionering van die gesinstake betref is dit belangrik om die volgende in gedagte te hou:

- Gesinstake het onder meer hul oorsprong in die kultuur en geskied binne die kulturele konteks (Duvall & Miller, 1985:47). Genoemde take moet aan die vereistes van die saakmakende kultuur, die gemeenskap, gesin en individu se behoeftes, aspirasies en waardes voldoen (Duvall & Miller, 1985:60-61; Haralambos & Holborn, 1995:357). Daarom behoort waardes binne die kulturele konteks bestudeer te word.
- Omdat die gesin as 'n 'gemeenskap in die klein' gesien word (Eshleman, 1994:74-75), is daar bepaalde take wat die gemeenskap en saakmakende kultuur vir die gesin voorskryf. Hierdie voorskrifte behoort nagekom te word en aan die kinders oorgedra te word sodat hulle met groter sukses in die gemeenskap gesosialiseer kan word.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

- Gesinne gaan deur verskeie stadia van ontwikkeling in die gesinsiklus en elk van hierdie stadia vereis basiese en spesifieke gesinstake (Rowe, 1968:208; Duvall & Miller, 1985: 21-35, Rogers, 1989). Daar kan dus aangeneem word dat die jong volwassene in 'n mindere / meerdere mate blootgestel was aan die gesinstake van die verskeie stadiums van die gesinsiklus. Aangesien daar nie direkte toegang tot waardes en waarde-oriëntasies wat in die verskillende fases aangeleer is nie moet die waardes en waarde-oriëntasies wat in hierdie voorafgaande stadiums aangeleer is, in hierdie studie afgelei word.

Navorsers het verskeie gesinstake geïdentifiseer. Volgens Horowitz (1995:48) is die volgende gesinstake belangrik:

- Skep van veilige omgewing
- Voorsien in basiese behoeftes
- Ondersteuning aan kinders sodat bepaalde doelwitte bereik kan word
- Modellering van probleemoplossings en –hanteringsmeganismes
- Die aanleer van oorlewingsvaardighede byvoorbeeld akademiese kennis en bekwaamhede, asook beroepsbekwaamhede
- Die bevordering van selfbeeld en eie identiteit
- Die ontwikkeling van 'n eie waardesisteam, die formulering van die sin van die lewe en ontwikkeling van medemenslikheid
- Die oordra van kultuur

Bostaande gesinstake funksioneer almal binne die gesinsekologiese perspektief. Vir hierdie studie is die aanleer en ontwikkeling van waardes en die oordra van kultuur as gesinstake, veral van belang.

Henderson (1985:130-138) noem dat die volgende gesinstake (funksies) van belang is:

- Ekonomiese versorging
- Voortplanting
- Sosialisering en die ontwikkeling van wedersydse liefde en koestering
- 'n Godsdienstige ingesteldheid moet gekweek word
- Ontspanningsgeleenthede daar te stel
- Bied beskerming

Alhoewel Henderson (1985) nie spesifiek die oordra van waardes en die ontwikkeling van 'n eie waardesisteam noem nie, kan daar afgelei word dat waardes rondom die bostaande gesinstake kan ontwikkel.

Gesinstake soos dit in die Westerse samelewing voorkom, kan in agt taakgroepe ingedeel word (Duvall & Miller, 1985:54-60) en sal in hierdie studie in verband met gesinsekologiese waardes gebring word. Omdat Suid-Afrika tot 'n groot mate, deur akkulturasie, die Westerse kulturele gebruike ondersteun, is daar besluit om die 'Westerse gesinstake' as uitgangspunt te gebruik. In die onderstaande tabel word die sentrale waardes (van die gesinsekologiese waardeterreine) wat by die gesinstake betrokke is, weergegee.

Die onderstreepte waardes in die tabel dui die belangrikste sentrale waardes aan wat by die spesifieke gesinstake betrokke is.



TABEL 4.1: GESINSEKOLOGIESE WAARDETERREINE EN BASIESE GESINSTAKE VAN DUVALL EN MILLER (1985)

BASIESE GESINSTAKE	TERREINE VAN WAARDES
1. Voorsiening van wonings, kos, klere, gesondheid en verbondenheid aan mekaar.	<u>Veiligheid</u> <u>Liggaamlik Verhouding</u> Ekonomies Lewe Gemoed
2. Ekonomiese versorging, verryking en toekenning van hulpbronne soos onder andere tyd, finansies en fasiliteite volgens lede se behoeftes.	<u>Ekonomies</u> <u>Verhouding</u> <u>Tyd-ruimtelik</u> <u>Self</u> <u>Ontspanning</u>
3. Werksverdeling in terme van bestuur, ondersteuning en versorging (ook broodwinner) van huishouding en gesinslede.	<u>Beroep</u> <u>Verhouding</u> Gemoed <u>Outoriteit</u> <u>Ekonomies</u> <u>Omgewing</u> <u>Tyd-ruimtelik</u>
4. Elke lid se sosialisering deur internalisering van rolle en roluitbreiding in die gesin en die gesinsekologie.	<u>Verhouding</u> <u>Self</u> <u>Outoriteit</u> <u>Beroep</u>
5. Vestiging van patrone van interaksie, kommunikasie, uitdrukkingsvorme van liefde, aggressie, seksualiteit ensovoorts binne gemeenskapsaanvaarbare perke.	<u>Verhouding</u> <u>Moraal</u> <u>Kultuur</u> <u>Esteties</u> <u>Reg</u>
6. Voortsetting van die gesin: Geboorte en/of aanneem; inkorporering in en lansering uit die gesin.	<u>Lewe</u> <u>Outoriteit</u> <u>Self</u> <u>Liggaamlik</u> <u>Verhouding</u>
7. Skep 'n verhouding met instansies in die samelewing soos skool, kerk, werk, massa media, vriende en gaste.	<u>Polities</u> <u>Nasionaal</u> <u>Reg</u> <u>Verhouding</u> <u>Religieus</u> <u>Beroep</u> <u>Omgewing</u> <u>Intellektueel</u> <u>Kultuur</u>
8. Handhawing van moraal, motivering, beloning van prestasies, stel van bereikbare doelwitte, behulpsaam met krisis, ontwikkeling van lojaliteite en waardes.	<u>Moreel</u> <u>Self</u> <u>Outoriteit</u> <u>Ontspanning</u> <u>Gemoed</u> <u>Religieus</u> <u>Intellektueel</u> <u>Verhouding</u> <u>Esteties</u>

Verskeie gesinsekologiese waardeterreine kan van toepassing by 'n bepaalde gesinstak wees. Daar is dus die moontlikheid dat meer gesinsekologiese waardeterreine as wat genoem is, van toepassing kan wees. Daar is 'n wisselwerking tussen die gesinstake en die gesinsekologiese waardeterreine. Die volgende voorbeeld kan genoem word. Wanneer die gesin nie die nodige beskerming ontvang nie, moet die gemeenskap meganismes (welsyn) in werking stel wat beskerming aan die gesin verleen. Wanneer die gemeenskap op sy beurt nie die nodige veiligheid vir die gesin bied nie, moet die gesin self na eie veiligheid (byvoorbeeld diefwering) omsien.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

Die verband tussen die gesinstake van Henderson (1985) en die van Horowitz (1995), sowel as die gesinstake en ontwikkelingstake van Duvall en Miller (1985), kan met die waardeterreine van Hattingh (1991) in verband gebring word. Die volgende voorbeeld illustreer hierdie verband.

TABEL 4.2: VOORBEELD VAN DIE VERBAND TUSSEN GESINS- EN ONTWIKKELINGSTAKE EN DIE SENTRALE GESINSEKOLOGIESE WAARDETERREINE

Take	Sentrale gesinsekologiese waardeterrein
Gesinstaak van Henderson: Gesinstaak van Horowitz: Gesinstaak van Duvall en Miller:	
Ontwikkelingstaak:	Verhouding

Een van die belangrikste en basiese take van die gesin is die oordra van waardes aan die jonger geslag (Duvall & Miller, 1985:60; Hattingh, 1991). Die oordra van waardes moet deur middel van gesinstake en ontwikkelingstake oorgedra en geïnternaliseer word.

5.2 Gesinsrolle

Die rolle wat gesinslede in die gesinsopset speel, is onder andere instrumenteel tot die oordra van waardes. Daarom is dit belangrik dat hierdie studie kennis van sekere aspekte van gesinsrolle moet neem.

Daar word van gesinslede verwag om bepaalde rolle in die gesin te speel en hierdie rolle word aan bepaalde take gekoppel (Eshleman, 1994:11-13). Die volgende aspekte is belangrik in terme van hierdie rolle:


DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

- Rolle kan toegeskryf of verwerf word. Toegeskrewe rolle sluit aspekte soos geslag, ouderdom en etniese groep in. Verworwe rolle bestaan uit onder andere die van ouers in gesinne en die beroepslewe (Eshleman, 1994:59). Die betrokkenheid op die verskillende gesinsekologiese terreine soos byvoorbeeld die beroepsterrein, is verworwe rolle. Verder is die oordra van waardes deur ouers aan hulle kinders ook verworwe rolle.
- Deur wedersydse interaksie met gesinslede, die bepaalde etniese groep en die gemeenskap (gesinsekologie), besluit die individu tot watter mate die verwagtings van verworwe rolle aanvaar word (Eshleman, 1994:60).
- Rolle en rolverwagtings word onder andere binne die gesin, die etniese groep en gemeenskap uitgespel en aangeleer (Brim, 1972:207; Daniels, 1994:39; Eshleman, 1994:60). Die oordra van waardes deur ouers aan hulle kinders is onder andere rolverwagtings wat deur die etniese groep en gemeenskap gestel word.
- Kulturele 'voorskrifte' van etniese groepe het sekere rolverwagtings van bepaalde rolspelers (Eshleman, 1994:59). Hierdie verwagtings is aan norme en waardes gekoppel. So kan van die vader verwag word om die ekonomiese versorger van die huisgesin te wees en die waardes rondom hierdie aspek oor te dra.
- Deur die gereelde nakom van die etniese groep of die gemeenskap se rolverwagtings word sekere gedragpatrone in gemeenskappe gevestig (Jordaan & Jordaan, 1988, 673). Wanneer hierdie gedragpatrone aan waardes gekoppel word, word waardegestuurde gedrag gevestig.
- Rolverwagtings of rolvoorskrifte word benewens kulturele verwagting ook beïnvloed deur faktore soos onder andere ekonomiese toestande, waardes, opleiding, vermoëns, beroepsverwagtings, doelwitte en behoeftes (Komarovsky, 1972:477-485; Jordaan & Jordaan, 1988:753; Eshleman, 1994:111-132, 275-276). Ekonomiese toestande kan as voorbeeld geneem word. As gevolg van finansiële nood in die huisgesin kan dit die moeder verplig om ook 'n broodwinner te word. Beide ouers neem dan die rol van broodwinners aan en kan dan op hierdie wyse beroeps- en ekonomiese waardes oordra.
- Hoe meer die ouer en/of die jong volwassene betrokke raak by verskillende gesinsekologiese terreine, hoe meer word hy blootgestel en gekonfronteer met die waardes van daardie betrokke gesinsekologiese terrein (Jordaan & Jordaan, 1988:753).
- Gesinslede speel bepaalde rolle en hierdie rolle word aan bepaalde gesinstake gekoppel (Eshleman, 1994:75). Die moeder kan byvoorbeeld die rol van die emosionele en die ekonomiese versorger speel. Sy word dan 'n draer van ekonomiese en emosionele (gemoeds) waardes in die gesin.
- In die gesin is daar bepaalde rolverdelings en sekere take word aan hierdie rolle eerder as persone gekoppel (Eshleman, 1994:75). Daarom kan funksies wat algemeen gesproke aan die vader gekoppel word, deur iemand anders oorgeneem word. Hierdie studie handel spesifiek oor die oordra van waardes as gesinsfunksie en die rolspelers by die uitvoering van hierdie gesinsfunksie. Indien dit tradisioneel die moeder se rol is om die liggaamsversorging van die kinders te hanteer en sy om een of ander rede dit nie kan doen nie, kan hierdie taak aan iemand anders oorgedra word. Die oordra van liggaamswaardes sal waarskynlik saam met die uitvoering van genoemde taak gedoen word. Dit is dus nie net die taak nie, maar ook die oordra van die betrokke waardes wat aan iemand anders ogedra word.

DIE GESIN AS DRAER VAN WAARDES

Samevattend kan daar gesê word dat die ouers deur die rolle wat hulle vertolk, die geleentheid het om waardeprioriteite en waarde-oriëntasies te formuleer. Hierdie waardeprioriteite en waarde-oriëntasies word dan aan die kinders oorgedra. Die oordra van waardes en die vorming van waardeprioriteite binne die gesin gebeur binne 'n gesinsekologie soos veral die kulturele sisteem. Laasgenoemde sisteem gee eksplisiet en implisiet bepaalde waardegestuurde voorskrifte ten opsigte van rolverwagtings en waarde-oriëntasies wat deur die volwassenes gemoduleer moet word sodat kinders dit kan navolg.

Daar kan dus van 'n wisselwerking of sikliese proses gepraat word wanneer dit by die oordra van waardes kom. Die rolspelers in die oordra van waardes word in die onderstaande model uitgewys.



* Nie noodwendig altyd volwassenes nie.

FIGUUR 4.2: DIE WEDERSYDSE OORDRA VAN WAARDES TUSSEN DIE GESINSEKOLOGIE, GESIN EN INDIVIDUE

6 SLOTOPMERKING

Die betrokkenheid van die gemeenskap en die etniese groep, as deel van die gesinsekologie, bring sekere verwagtings mee ten opsigte van die gesinstruktuur, gesinstake en gesinsrolle. Daarom is daar aandag aan die verskillende gesinstrukture, -take en -rolle gegee. Hierdie hoofstuk het veral op die belangrikheid van die ouers as die oordraers van waardes in die huisgesin en binne gemeenskapsverband sowel as etniese groep gewys. Verder is daar ook kortliks melding gemaak van die invloed wat die gesin en individue op die samelewing het. Sodoende word die wedersydse invloed van die gesin en sy ekologie uitgewys.



HOOFSTUK 5

DIE JONG VOLWASSENE

- 1. INLEIDING**
- 2. OMSKRYWING VAN DIE JONG VOLWASSENE**
- 3. TEORIEË, MODELLE EN PERSPEKTIEWE VAN ONTWIKKELING**
- 4. FASETTE VAN DIE JONG VOLWASSENE**
- 5. SLOTOPMERKING**

HOOFSTUK 5

DIE JONG VOLWASSENE

1 INLEIDING

Die vroulike jong volwassenes vorm die deelnemers van hierdie studie. Die jong volwassenes as groep is onder andere gegrond op 'n bepaalde ouderdomsfase. Die genoemde ouderdomsfase word deur sekere eienskappe gekenmerk wat bespreek word aan die hand van bepaalde ontwikkelingsteorieë, die gesinsekologiese perspektief en die verskillende fasette van die individu.

Wat laasgenoemde betref word daar onderskei tussen die interne en eksterne fasette wat albei veranderings gedurende die ontwikkelingsjare van die jong volwassene ondergaan (Lerner & Spanier, 1980:42 – 54; Adler & Rodman, 1982:31 – 33). Die interne fasette verwys na die biologiese en psigologiese ontwikkelingssterrein, terwyl eksterne fasette na onder andere die sosiale en metafisiese terreine verwys. Dit is veral eksterne fasette wat aansluit by die gesinsekologiese terreine. Soos met gesinsekologiese terreine moet die fasette nie as los kompartemente gesien word nie aangesien die fasette mekaar wedersyds beïnvloed. In fasette moet sekere ontwikkelingsstake aangeleer, verfyn of uitgebrei word. Hierdie proses van verandering wat binne die fasette plaasvind asook die rol wat waardes in die veranderingsproses speel, kry in hierdie studie aandag.

In hierdie hoofstuk sal daar ook na verskeie ontwikkelingsteorieë verwys word. Die rol wat waardes en ontwikkelingsstake binne hierdie teorieë speel sal uitgelig word. Eerstens sal die omskrywing van die jong volwassene hanteer word.

2 OMSKRYWING VAN DIE JONG VOLWASSENE

Volgens Kimmel (1974:513-514) is dit nie maklik om 'n definisie van 'n jong volwassene te gee nie omdat die kronologiese, biologiese en psigologiese ouderdom almal in so 'n fase behoort te sinkroniseer. Individuele ontwikkeling en omstandighede soos onder andere kulturele gebruike (Bigner, 1983:18-45), maak dit moeilik om hierdie fases af te baken. Dit is moeilik om die psigologiese en biologiese vermoë vas te stel en daarom is daar besluit om by die kronologie te hou en dus word ouderdomsgrense gebruik om die jong volwassene te omskryf. Goldenberg en Deutsch (1977:247), Louw, Louw en Schoeman (1993:570-576) sowel as Bee en Bjorklund (2000:16) maak ook van ouderdom gebruik om die jong volwassene te omskryf. Ouderdom is 'n belangrike indikator van die grense van 'n fase, maar dit moet nie as absoluut gesien word nie. Die fisieke, psigiese en sosiale veranderinge is wel min of meer aan ouderdom gekoppel, maar verskil tog van individu tot individu.

Bigner (1983:330-384) verwys na ouderdom en ontwikkelingsstake om die jong volwasse stadium af te baken. Aangesien ontwikkelingsstake aan 'n bepaalde stadium gekoppel is (Havighurst, 1972:2; Gerdes, Moore, Osche & Van Eede 1989:23), kan dit gebruik word om die jong volwassene te omskryf (Kohlberg, 1973:180). Die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem wat op verskeie gesinsekologiese terreine funksioneer, kan ook dien as kriterium vir die omskrywing van die jong volwassene.

DIE JONG VOLWASSENE

Vir die doel van hierdie studie sal ontwikkelingstake ondersoek word, maar nie as 'n rigiede maatstaf vir die vasstelling van die term jong volwassene gebruik word nie. Die jong volwassene wat in hierdie studie gebruik word, sal tussen die ouderdom van 18 tot 30 jaar (Keniston, 1977) val.

3 TEORIEË, MODELLE EN PERSPEKTIEWE VAN ONTWIKKELING

Bee en Bjorklund (2000:52) onderskei tussen teorieë, modelle en perspektiewe van ontwikkeling. Hierdie teorieë, modelle en perspektiewe beskryf die ontwikkeling van die jong volwassene en moet ook aansluit by die gesinsekologiese perspektief van hierdie studie. Die wisselwerking tussen die individu en die gemeenskap (gesinsekologie), asook die bestuur van die gesinsekologie, vorm deel van die onderstaande teorieë.

3.1 Kohlberg se teorie

Die teorie van Kohlberg is van belang omdat dit morele ontwikkeling insluit en ook by die gesinsekologiese perspektief kan aansluit. Genoemde teorie het uit die teorie van Piaget ontwikkel en laasgenoemde se teorie is gebaseer op kognitiewe ontwikkeling (Weiten, 1990:390). Om hierdie rede word na Kohlberg se teorie verwys as 'n verlenging van die kognitiewe ontwikkelingsteorie. Kohlberg is ook 'n sterk voorstander van morele ontwikkeling (Bee & Bjorklund, 2000:310) en daarom sal hierdie aspek ook bespreek word.

Kohlberg (1976:31-53) verwys veral na die kognitiewe ontwikkeling en die kennis van 'n persoon en die relasie tot die sosiale werklikheid. Kognitiewe ontwikkeling is veral van belang omdat dit aan die egostruktuur gekoppel word. Die kognitiewe vermoë en die egostruktuur van 'n persoon help hom om sy posisie in die samelewing in te neem en te vestig. Die verhouding tot die self, sowel as tot andere, vloei dus hieruit voort (Kohlberg, 1976:31-53; Jooste, 1989:132).

Die vlak van ontwikkeling van 'n persoon se redeneringsvermoë kan dus sy verhoudings in die samelewing en omgewing bepaal. Hierdie stelling word in die vier sosiale perspektiewe van Kohlberg gereflekteer. Hulle is soos volg (Kohlberg, 1976:31-53):

- die konkreet-individuele perspektief,
- die lid-van-die-samelewing perspektief,
- die aan-die-samelewings-voorafgaande perspektief en
- die kosmiese-perspektief (Kohlberg, 1973:180-204).

Die konkreet-individuele perspektief het te make met eie belang wat as egosentrisme gesien kan word. Die selfwaardes van die gesinsekologie word hierin verteenwoordig en daarom word selfgesentreerdheid bo die van die groepsbelange gestel. Selfgesentreerdheid kan op 'n sosiale onvermoë dui omdat dit selfgerig is en nie baie wyd sosiaal aanvaar word nie. Jong kinders moet in hul ouerhuis geleer word dat die individu (eie ek) nie net selfgerig moet lewe nie, maar ook voorsiening vir sosiale waardes moet maak. Deur middel van die gee-en-neem ontwikkelingstaak, sowel as gesinstake wat verbondenheid aan mekaar en werksverdeling ondersteun, word sosiale waardes gevestig.

DIE JONG VOLWASSENE

Die lid-van-die-samelewing perspektief dui op die teenoorgestelde van die konkreet-individuele perspektief. Die belange van die samelewing word bo eie belang gestel. Daar is dus 'n wegbeweeg van egosentrisme na 'n meer sosiosentriese benadering. Die selfwaarde is hier ondergeskik aan sosiale waardes en ander waardes (soos die kulturele) wat gerig is om die samelewing te dien. Daarom is 'n gesinstaak soos samelewingsbetrokkenheid belangrik vir die ontwikkeling van hierdie waardes.

Die aan-die-samelewings-voorafgaande perspektief weerspieël die aanvaarding van die universele beginsels van geregtigheid binne groepe. Hierdie beginsels geld vir almal in die groep en kan ook as kriteria vir evaluering van gedrag dien. Hierdie perspektief steun ook die gesinsekologiese waarde soos die reg en ander waardes wat help vir die goeie funksionering van die samelewing.

Kohlberg verwys na die vierde stadium wat die kosmiese perspektief insluit. Op hierdie vlak word die sinvolheid van die religieuse as algemeen geldend beskou. Verder is die kosmiese beginsels nie aan tyd en ruimte gekoppel nie en transendenteer dit tyd en ruimte. Die plek wat die persoon in die kosmiese inneem laat hom standpunte inneem oor die sin en waarde van die lewe. Religieuse waardes en die relasie met die kosmos is 'n ontwikkelingstaak wat hierdie stadium ondersteun.

Die redeneringsvermoë van die jong volwassene help haar om vergelykings, afleidings en gevolgtrekkings oor haar verhouding met die gesinsekologiese terreine te maak. Ten opsigte van waardes kan daar dus aanvaar word dat waardes nie net bloot as 'n affektiewe komponent ervaar sal word nie, maar dat dit beredeneerd geëvalueer sal word. 'n Persoon behoort dus in staat te wees om homself los te maak van suiwer emosionele reaksies op 'n bepaalde waarde en waardeoriëntasie, en die wenslikheid van so 'n waarde en waardeoriëntasie te beredeneer. Dit is belangrik om hierdie vermoë binne die huisgesinsituasie te ontwikkel.

Kohlberg (1976:31-53) het morele denke as uitvloeisel van kognitiewe ontwikkeling geformuleer. Morele ontwikkeling, soos Kohlberg dit sien, is dus die ontwikkeling van kognitiewe redenering van wat reg en wat verkeerd is en waarom dit so is (Weiten, 1990:395; Bee & Bjorklund, 2000:310). Die ontwikkeling hiervan kan in drie vlakke, elk met sy eie stadiums, ingedeel word (Kohlberg & Gilligan, 1971; Kohlberg, 1976:31-53; Weiten, 1990:395-396; Bee & Bjorklund, 2000:310-312). Volgens Kohlberg (1976:31-53), sowel as Louw, Louw en Schoeman (1993:554-556), kan die drie vlakke en ses stadiums soos volg beskryf word.

Prekonvensionele moraliteit is die eerste ontwikkelingsvlak en word by kleiner kinders aangetref. Twee stadiums, naamlik die nakom van reëls om straf te vermy (stadium een) en die nakom van reëls om lof te ontvang (stadium twee), sowel as naïewe hedonisme, figureer hier. Moraliteit is dus gebaseer op die vermyding van straf en die soeke na goedkeuring. Hierdie tipe moraliteit kan ook in volwassenes se lewe voorkom. Morele waardes is dan nie 'n diepgewortelde oortuiging nie, maar eerder vrees vir straf soos sosiale verwerping deur die etniese groep of vervolging deur die staat (as toepasser van wette). Reëls en morele kodes word dus nagekom bloot uit vrees vir 'straf' en nie uit oortuiging of omdat dit beredeneer word nie.

DIE JONG VOLWASSENE

Konvensionele moraliteit is die tweede vlak van ontwikkeling en die meeste adolessente en volwassenes verkeer op hierdie vlak. Die konvensionele vlak word deur twee stadiums gekenmerk, naamlik die nakom van reëls om eerstens aanvaar te word en tweedens omdat die individu met die betrokke reëls kan identifiseer. In die eerste konvensionele stadium word konformisme ontwikkel om veral die goedkeuring van die groep te verkry. Die tweede konvensionele stadium sien die jong volwasene dat die nakom van moraliteit belangrik is vir die handhawing van die samelewing. 'n Baie sterk wettiese benadering is in die konvensionele moraliteitstadium ter sprake en die doel hiervan is om 'n ordelike sisteem daar te stel. Die jong volwassene wat haar in hierdie stadium bevind sal haar morele reëls by die eise en algemene reëls van die samelewing, of die van haar etniese groep (se kultuur) aanpas.

Die derde vlak van morele ontwikkeling is die post-konvensionele vlak met twee stadiums. In die eerste post-konvensionele stadium is daar 'n soeke na redes om die gemeenskap of etniese groep se reëls en waarde-oriëntasies ondermeer te gehoorsaam. Daar is dus 'n soort van 'sosiale kontrak' wat die regte van die individu beskerm en algemene welsyn bevorder. In die tweede post-konvensionele stadium kies die individu self sy beginsels, waarde-oriëntasies en waardeprioriteite. Dit impliseer dat daar 'n moontlikheid van verandering van waarde-oriëntasies en waardeprioriteite kan plaasvind. Dit kan lei tot die verandering in kulturele waarde-oriëntasies en waardeprioriteite om plek te maak vir beter alternatiewes.

Die derde vlak begin gewoonlik eers in die adolessensie jare aangesien formele operasionele denke 'n voorvereiste vir hierdie stadium is. Nie alle volwassenes bereik hierdie stadium van morele ontwikkeling nie. Die doel van die derde vlak is ook om die universele etiese beginsels as grondslag vir moraliteit te steun. Empatie, bystand en regverdigheid is volgens Stroebel (1986:22) en Miller (1978:237) ook tipies van hierdie stadium. Die individu se etiese besluite oor byvoorbeeld waardes, soos morele verpligtinge, menseregte en menswaardigheid behoort teoreties dus universeel te wees. Hierdie studie erken dié siening dat waardes universeel voorkom, maar ondersoek die etniese verskille ten opsigte van waardeprioriteite en bepaalde waarde-oriëntasies.

Kohlberg se teorie lewer 'n waardevolle bydrae om 'n persoon se denke, sy waardes en gevolglike optrede te begryp. Die onderskeie stadiums moet nie as geslote stadiums gesien word nie, maar eerder as 'n stadium wat in 'n bepaalde ontwikkelingsfase meer na vore kom. Dit is wel so dat daar 'n verband tussen kognitiewe ontwikkeling en ontwikkeling in moraliteit is, maar die volgende moet nie uit die oog verloor word nie:

- Die laaste stadium word nie deur alle volwassenes bereik nie en daarom kan volwassenes 'onvolwasse' gedrag openbaar.
- Nie almal ontwikkel teen dieselfde tempo nie en soms kan jongeres meer volwassenheid openbaar as ouer persone.
- Daar kan kwaliteitsverskille in denkpatrone tydens dieselfde stadium wees.
- In enige volwasse fase kan die denkwyse van vorige stadiums voorkom.

DIE JONG VOLWASSENE

Die vermoë van die jong volwassene tot formele operasionele denke stel haar in staat tot kritiese evaluering (Kohlberg, 1976) en dit kan op die volgende wyses gebeur:

- Abstrakte beredenerings ten opsigte van waardes.
- Aan die hand van samelewing/gemeenskap waardes kan die individu haar selfbeeld en waardesistiem beoordeel en indien nodig, dit aanpas om sodoende aanvaarding binne 'n groep (byvoorbeeld 'n etniese groep) te verkry.
- Die reëls, waarde-oriëntasies en waardes van die samelewing/gemeenskap te ontleed, te prioritiseer, te aanvaar, of te probeer verander of selfs te vervang waar dit nodig mag wees.
- Persoonlike waardes uit groepe (byvoorbeeld etnies en beroep) se waardes vir haarself te formuleer.
- 'n Standpunt in te neem oor religieuse waardes om sodoende sin in haar bestaan te vind.

Om al bogenoemde kritiese evalueringaspekte te dek, is dit dus belangrik dat optimale kognitiewe ontwikkeling nagestreef word. Optimale kognitiewe ontwikkeling lei tot die formulering van 'n eie standpunt ten opsigte van gesinsekologiese terreine. Deur middel van onder andere die besluitnemingsproses, kan die ouers die kind en latere jong volwassene begelei om deur redenering en oortuiging 'n eie waardesistiem te ontwikkel.

3.2 Perry se teorie

Perry (1970) se teorie konsentreer op die kognitiewe ontwikkelingsvlak van die adolessent of jong volwassene, maar sluit ook die sosiale ontwikkelingsvlak in. In sy teorie noem hy nege kognitiewe strukture of posisies. Die verhouding van die individu tot sy omgewing word deur middel van die posisies ge-evalueer. Hierdie nege posisies word onder drie afdelings naamlik dualisme, relativisme en verbondenheid, ingedeel en behandel.

Dualisme verteenwoordig die eerste drie posisies. Die persoon wat dualisties dink, groepeer alles in terme van of reg of verkeerd. Onsekerheid oor dit wat reg of verkeerd is, is slegs te wyte aan gebrekkige inligting. Dit is ook die doel van hierdie persoon om te soek na die regte antwoorde vir elke probleem.

Die relativistiese posisies sluit die middelste drie posisies in. Kenmerkend hiervan is die kognitiewe styl van relativistiese beredenering. Onsekerheid en meer as een opinie oor 'n saak word aanvaar omdat daar nie altyd definitiewe antwoorde is nie. Kennis word beïnvloed deur kontekstuele faktore en verbintenisse word as arbitrêr en tydelik beskou.

Die laaste drie posisies word deur verbondenheid gekenmerk. Identiteit is belangrik vir die individu. Verder besef die individu die verantwoordelikheid wat verbintenisse meebring. Verbondenheid gaan dus hand aan hand met verantwoordelikheid op die verskillende mens ekologiese terreine waarmee hy te make het.

DIE JONG VOLWASSENE

Perry se teorie dui op die sosiale (verhoudings) en kognitiewe (denke) ontwikkeling van die laat-adolesent en jong volwassene. Sosiale ontwikkeling word veral deur die fase van verbondenheid geïllustreer. Omdat waardes te make het met verhoudings en kognitiewe denke oor objekte, subjekte en situasies, is hierdie teorie van belang. In die dualistiese posisie sien die persoon net die moontlikheid van 'n eie standpunt as reg en die van 'n ander etniese groep as verkeerd. So word sekere waarde-oriëntasies en waardeprioriteite aanvaar terwyl ander verwerp word. Waardeprioriteite wat byvoorbeeld in die ouerhuis aangeleer word, kan die aanvaarde wees, maar sodra meer kontak met ander invloede in die gemeenskap gemaak is, kan waardeprioriteite verander. Met die relativistiese posisie aanvaar die jong volwassene dat alle waarde-oriëntasies nie dieselfde is nie, maar beïnvloed word deur saakmakende faktore. Waarde-oriëntasies word dus nie net summier verwerp nie, maar omstandighedsfaktore (konteks) word in aanmerking geneem. Hierdie omstandighedsfaktore (konteks) kan veral die gesinsopvoeding, kultuur en/of agtergrond (verwysingsraamwerk) insluit. Indien daar by hierdie relativistiese posisie vasgesteek word, kan sy moontlik besluiteloos bly oor haar eie waardesisteen en verval in die versoeking om alles en almal se sienings te aanvaar. Die posisie van 'n verantwoordelike verbintenis weerspieël 'n eie identiteit en waardesisteen wat op grond van deeglike oorwegings gevorm is. In hierdie posisie behoort die jong volwassene te besef dat sy haar aan bepaalde waardes verbind en dit op 'n verantwoordelike wyse utiveel.

3.3 Keniston se teorie

Die jeugteorie van Keniston (1977) verwys na die ouderdomgroep tussen 20 tot 30 jaar. Hierdie teorie stel die volgende vertrekpunte wat vir die jong volwassene belangrik is (Keniston, 1970, 1971 & 1977):

- Daar is ambivalensie teenoor die self en die gemeenskap/samelewing. Die jong volwassene is geneig om die samelewing/gemeenskap te kritiseer, bevraagteken en selfs te verwerp en gevolglik vind distansiëring van die samelewing/gemeenskap plaas. Wat die self betref, kan die jong volwassene onbekwaam of nie gereed voel om bepaalde rolle in die samelewing/gemeenskap te speel nie. Kritiese verkenning en beskouings van die self en die samelewing/gemeenskap kan tot gevolg hê dat sy haarself en die samelewing/gemeenskap wil verander.
- 'n Eie tydelike identiteit wat eie is aan hierdie stadium ontstaan en duur vir 'n paar jaar. In hierdie stadium is daar polarisasie tussen die verbintenis (of nie-verbintenis) tussen die self en die gemeenskap.

Keniston (1970, 1971 & 1977) het die volgende ontwikkelingstake vir hierdie ouderdom geformuleer:

- Die jong volwassene, met 'n eie persoonlike agtergrond en verwysingsraamwerk, moet die huidige samelewingstrukture analiseer en definieër.
- Verder moet die jong volwassene haar kultuurgeskiedenis in terme van haar huidige gemeenskapstrukture analiseer en definieër.
- Die jong volwassene moet ook die simboliese voorstellings van 'n ideale samelewing herformuleer.

DIE JONG VOLWASSENE

Bogenoemde ontwikkelingstake beteken dat daar soms botsende belange in die jong volwassene se verhoudingswêreld kan wees. Dit kan aanleiding gee tot konfrontasie en hopelik uitloop op analitiese denke, sintese en herformulering van die jong volwassene se posisie en standpunt.

Wat waardes betref, is dit nodig dat die jong volwassene haar eie historiese waardesisteem, sal begryp asook die simboliese betekenis en voorstellings van haar kultuuragtergrond begryp, ontleed en evalueer. Dit kan daartoe lei dat sy haar historiese waardesisteem en die van haar etniese groep kan bevraagteken. 'n Eie waardesisteem met bepaalde waardeprioriteite waarin sy glo, omdat dit deur haarself beredeneer en uitgeklaar is, kan hieruit voortvloei.

Twee aspekte wat deur ander skrywers, naamlik Kohlberg (1976) en Perry (1970) genoem is, naamlik kognitiewe vermoëns en sosiale verhoudings, speel by hierdie teorie ook 'n rol. Dit is dus duidelik dat daar 'n vervlegtheid en 'n inskakeling van Keniston se teorie by ander teorieë is.

Die bemeestering van ontwikkelingstake is baie belangrik vir 'n suksesvolle lewe vir die individu self en ook vir die gemeenskap. Duvall en Miller (1985), sowel as Havighurst (1972), het van die bekendste werke op hierdie gebied gelewer en sal vervolgens bespreek word.

3.4 Duvall en Miller se ontwikkelingstake

Duvall en Miller (1985:51) omskryf 'n ontwikkelingstaak soos volg: 'n dryfkrag wat in die individu ontwikkel (gevolg deur gedragsverandering) om 'n begeerde doelwit te bereik. Die individu, etniese groep en die gemeenskap spoor die bemeestering van ontwikkelingstake aan. In die individu is daar 'n stootkrag, terwyl die kultuur van die gemeenskap of etniese groep ook eise en verwagtings het. Hierdie eise en verwagtings kan aan waardes gekoppel word. So gesien het ontwikkelingstake twee oorspronge naamlik die fisiese rypwording, sowel as die kulturele druk, waardes en voorregte (Duval & Miller, 1985:47).

Volgens Duvall en Miller (1985:51) is daar sekere aannames ten opsigte van ontwikkelingstake naamlik:

- **Die persepsie van verwagte gedrag soos gesien deur persone wat meer volwasse is.**
Om volwassenheid te bereik is daar sekere gedragsverwagtings wat onder andere deur die ouers, etniese groep en gemeenskap van die individu vereis word.
- **Konsepsies van die self wat tot identiteitsvorming lei.**
Dit is belangrik dat die individu onder andere 'n bepaalde selfbeeld moet vorm, haarself met haar gesin, etniese groep en die gepaardgaande kultuur identifiseer, haar rol as vrou en verpleegster verstaan sodat sy 'n eie identiteit kan vorm.
- **Hantering van teenoorgestelde eise.**
Die individu moet gelei word om keuses te maak en sodoende probleme op te los.
- **Motivering om die volgende stap te neem.**
Nadat 'n bepaalde ontwikkelingstaak bemeester is, moet daar voortgegaan word om nuwe uitdagings (ontwikkelingstake) aan te durf.

DIE JONG VOLWASSENE

Verder noem Duvall en Miller (1985:52-53) dat die individu deur haar hele lewe met ontwikkelingstake gekonfronteer word en dat bepaalde momente in haar lewe ideaal vir die bereiking van sekere ontwikkelingstake is. In die onderstaande tabel is die ontwikkelingstake wat op die jong volwassene betrekking het, sowel as die betrokke gesinsekologiese waardeterreine, aangedui. Die onderstreepte gesinsekologiese waardeterreine dui op die sentrale waardes wat by 'n ontwikkelingstaak betrokke is.

TABEL 5.1: WAARDETERREINE EN DIE ONTWIKKELINGSTAKE VAN DUVALL EN MILLER (1985:54-59)

ONTWIKKELINGSTAKE	TERREINE VAN WAARDES
1. Aanvaarbare afhanklikheids- en onafhanklikheidspatroon ontwikkel.	Verhouding <u>Self</u> Veiligheid
2. Gee-en-neem patroon van liefde bereik wat moontlik ook op 'n huweliksmaat kan uitloop.	<u>Verhouding</u> Self Gemoed
3. Verhouding met veranderde sosiale groepe ontwikkel.	<u>Verhouding</u> Kultuur Polities Nasionaal Outoriteit
4. Ontwikkeling van 'n gewete en kennis van moraliteit.	Reg <u>Moreel</u> Kultuur Lewe Outoriteit
5. Sosio-psigiese geslagsrol leer asook beroepskeuse en gemeenskapsrol.	<u>Liggaamlik</u> Lewe Kultuur Beroep Nasionaal <u>Verhouding</u>
6. Aanvaarding en aanpassing by 'n veranderende liggaam.	<u>Liggaamlik</u> Ontspanning Gemoed
7. Hanteer 'n veranderende liggaam en leer nuwe motoriese patrone.	<u>Liggaamlik</u> Ontspanning
8. Leer om die fisiese wêreld te verstaan en te beheer.	<u>Omgewing</u> Tyd-ruimtelik Esteties Ekonomies Veiligheid
9. Ontwikkeling van 'n sisteem van simbole en konseptuele vaardighede.	<u>Kultuur</u> <u>Verhouding</u> Beroep <u>Intellektueel</u> Ekonomies Polities Esteties Nasionaal Veiligheid
10. Verhouding met die kosmos vorm asook 'n praktiese waardesisteem.	<u>Religieus</u> <u>Moreel</u> Lewe

3.5 Havighurst se ontwikkelingstake

Havighurst (1972:29-30) beskou die volgende ontwikkelingstake as belangrik:

- Liggaamsverandering en -prosesse moet aanvaar en benut word.
- Die aanleer van toepaslike sosiale vaardighede en ook die handhawing van volwasse verhoudings met beide geslagte in die portuurgroep.
- Die aanleer van die kulturele vereistes van die manlike of vroulike geslagsrol. Hierdie rol moet deel van sy eie identiteitsvorming wees.
- Die ontwikkeling van emosionele onafhanklikheid van die ouers en ander volwassenes. Dit beteken ook dat daar op 'n meer volwasse wyse met ander volwassenes omgegaan word.

DIE JONG VOLWASSENE

- Besluite oor 'n eie onafhanklike lewe met 'n eie beroep, lewenstyl en doelwitte moet self geneem kan word.
- 'n Volwasse benadering tot 'n eie huwelik en 'n eiesoortige gesinslewe moet ook deel van haar eie lewenstyl vorm. Die nodige vaardighede en volwasse insigte wat hiermee gepaard gaan moet ook aangeleer word.
- Die ontwikkeling van 'n eie verantwoordelikhedsin en 'n eie sosiale lewensfilosofie wat die belangrikste waardes van die gemeenskap / etniese groep insluit. Sodoende kan sy 'n positiewe deelnemer van die gemeenskap en/of etniese groep wees.
- Uit bogenoemde is dit dan ook duidelik dat sy 'n eie waardestelsel met etiese beginsels wat haar gedrag reguleer, moet ontwikkel. Verder moet daar betekenis en koers aan haar lewe gegee word deur 'n eie lewens- en wêreldbeskouing. 'n Gebalanseerde lewensfilosofie tussen rasionele en ekspressiewe waardes is nodig vir die voordeel van die gemeenskap en haarself.


Laasgenoemde ontwikkelingstaak gee insig vir 'n bepaalde lewensingesteldheid, koers, betekenis en regulering van gedrag. In al agt ontwikkelingstake is die suksesvolle ontwikkeling van 'n eie waardesisteem opgesluit. Daarom is daar 'n ooreenkoms met die ontwikkelingstake van Duvall en Miller.

Wat ontwikkelingstake in die algemeen betref, is die volgende belangrik. Die gemeenskap / etniese groep vereis sekere ontwikkelingstake op sekere stadiums in die ontwikkeling van die individu. Verskillende etniese groepe se kulture vereis soms verskillende take en individuele behoefte kan ook verskillende take tot gevolg hê (Bee & Bjorklund, 2000: 59). Biologiese, sosiale en psigologiese faktore kan beide die individuele en kulturele take beïnvloed. Die klem wat kultuur of individuele behoeftes kry, hang af van watter een die dominante is. Sosialiseringssagente wat die sterkste invloed het, kan moontlik deur middel van onder andere positiewe of negatiewe versterking die belangrikste bydrae lewer in die bemeesting van ontwikkelingstake (Havighurst, 1972:29-30).

3.6 Perun en Bielby se model

Volgens Perun en Bielby (1980:97-120) bestaan die volwassene se lewe uit verskeie vooruitgange (*progressions*) soos opeenvolgende ervarings en interne veranderinge. Die fisieke liggaamsveranderinge en veranderinge op die verskillende gesinsekologiese terreine kan as tydelike skywe (*discs*) gesien word. Volgens Perun en Bielby (1980) se model beweeg hierdie skywe soos individuele ratte, binne die historiese tydsverloop, teen hulle unieke tempo. Hierdie skywe word egter nie net as individuele skywe ervaar nie, maar as interverwante skywe (ratte). Daar kan 'n wanbalans of krisis ontstaan as daar nie sinchronisasie tussen die draaiende skywe (ratte) is nie. So 'n krisissituasie vereis die nodige aanpassings tussen die skywe. Die volgende figuur stel hierdie situasie voor.

DIE JONG VOLWASSENE



FIGUUR 5.1: MODEL VAN PERUN EN BIELBY (1980)

Perun en Bielby (1980) se model weerspieël twee bronne van verandering. Eerstens kan die tydelike vooruitgange as veranderinge gesien word en tweedens kan asinchronisasie tussen die skywe aanleiding tot verandering gee.

Perun en Bielby (1980) se model kan in hierdie studie toegepas word. Die gesinsekologiese terreine kan byvoorbeeld elk 'n stel skywe verteenwoordig. Hierdie skywe kan op hulle beurt uit verskillende subwaardes van 'n waardekatgorie bestaan. So sal morele waardes onder andere uit die volgende skywe bestaan naamlik integriteit, lojaliteit, getrouheid en eerlikheid. Indien hierdie individuele skywe nie teen dieselfde mate in belangrikheid toeneem nie, kan dit tot onkonsekwentheid in moraliteitswaardes lei. Liggaamlike waardes kan op hul beurt uit die volgende skywe bestaan: gesondheid, liggaamsoefening, versorging en aantreklikheid. Indien aantreklikheid te veel aandag kry (voortuitgang) en gesondheid en/of versorging agterweë bly, kan dit disharmonie in liggaamlike waardes veroorsaak. Indien hierdie model op gesinstake en ontwikkelingstake toegepas word sal elke skyf weer 'n taak verteenwoordig.

Tydens die bespreking van die resultate van hierdie studie, sal hierdie model en die implikasies daarvan verder bespreek word.

3.7 Baltes se perspektief

Baltes (1987) meen dat ontwikkeling dwarsdeur die individu se lewe plaasvind. Hierdie ontwikkeling word beïnvloed deur biologiese en kulturele voorskrifte, historiese gebeure en individuele ervarings. Interne (byvoorbeeld die biologiese) en eksterne invloede (byvoorbeeld kultuur en gebeure) is dus betrokke. Baltes (1987:613) maak die volgende voortstelte ten opsigte van bepaalde ontwikkelingskonsepte.

DIE JONG VOLWASSENE

Ontwikkeling	Ontwikkeling is 'n lewenslange proses.
Verskeie rigtings	Daar is verskillende rigtings waarin ontwikkeling kan plaasvind, onder andere verbetering of verswakking.
Wen of verloor	Ontwikkeling is nie altyd progressief (wen) nie, dit kan ook 'n regressiewe (verloor) situasie wees.
Vervormbaarheid	Daar is 'n groot mate van verandering (positief of negatief) in 'n persoon se lewe moontlik.
Histories gegrond	Ontwikkeling word verskillend in historiese en kulturele situasies beleef.
Konteksgebonde	Die verloop van die individu se ontwikkeling moet gesien word as die gevolg van die invloed van die interaksie tussen drie ontwikkelingsisteme naamlik: histories-, ouderdoms-gradering, en die nie-normatiewe.
Multi-dissiplinêr	Verskeie dissiplines soos die antropologie, biologie, psigologie en sosiologie is nodig om menslike ontwikkeling te begryp.

Hierdie riglyne van Baltes (1987: 611-626) kan in sommige gevalle tot 'n meerdere of mindere mate ook as riglyne vir die bestudering van waardes in die jong volwassene se lewe gebruik word. Ten opsigte van die ontwikkelingskonsep kan die ontwikkeling van waardes en waarde-oriëntasies as 'n lewenslange proses gesien word. Wat die verskeie rigting, wen of verloor en die vervormbaarheid konsep betref, kan dit op die dinamika (kyk Hoofstuk 2) van waardes dui. Verder is waardes histories gegrond wanneer dit deel van die gesin van oorsprong of die etniese groep is. Die konteksgebonde konsep kan benewens ouderdom en kultuur op die omstandighede waarin waardebesluite geneem word, dui. Die multi-dissiplinêre konsep verwys na die dissiplines wat by die gesinsekologiese waardeterreine betrokke is.

3.8 Leerteorieë

Waardes word oorgedra en aangeleer en daarom is dit belangrik dat daar ook na die verskillende forme van leer gekyk word. Spangenberg (1993:226) sien die leerproses as 'n aanpassing by die omgewing (gesinsekologiese terreine). In hierdie leerproses kan waardes

DIE JONG VOLWASSENE

ten opsigte van die verskillende gesinsekologiese terreine gevorm word. Die jong volwassene het met die meeste van hierdie terreine kontak gemaak (kyk Hoofstukke 8 & 9).

Spangenberg (1993:226-285) onderskei verskillende leervorme. Die volgende is belangrik vir hierdie studie aangesien die jong volwassene aan hierdie leervorme blootgestel word: Operante kondisionering-, kognitiewe- en sosiale leervorme.

In operante kondisionering leer die individu om response wat voordelige of positiewe resultate tot gevolg het te herhaal, terwyl die wat negatiewe resultate tot gevolg het vermy word. Waardeprioriteite en waarde-oriëntasies wat positief deur die huisgesin en die kultuur van die etniese groep ontvang word, gaan waarskynlik herhaal word terwyl negatiewe situasies waarskynlik deur die verandering in waardeprioriteite verhoed sal word.

Kognitiewe leer is meer gevorderd (as kondisioneringsleer) en is 'n nie-outomatiese manier om kennis in te win oor die omgewing (gesinsekologie). Tussen stimulus (uit die gesinsekologie) en respons (van die jong volwassene) is daar denkprosesse (redenasies) soos die besluitnemingsproses, betrokke. Voor- en nadele van waarde-oriëntasies en waardeprioriteite kan dus beredeneer word. Hierdie redenasies kan ook binne 'n bepaalde konteks gedoen word en daarom word waarde-oriëntasies in hierdie studie, binne 'n bepaalde konteks gedoen. Die uitkomst van hierdie beredeneerde besluite kan tot gedrag lei.

Sosiale (observasie) leer sluit kognitiewe en kondisioneringsprosesse in. Leer vind dus nie noodwendig deur ondervinding plaas nie, maar deur waarneming.

Die leer aspek van sosiale leer, dui op kognitiewe denke terwyl die sosiale aspek na 'n oorsprong van leer verwys. Hieruit kan afgelei word dat Bandura (1977) se teorie wel sterk erkenning gee aan kognitiewe denke, maar dat hierdie leerproses binne sosiale verband (soos die gesin, etniese groep en gemeenskap) plaasvind. Vier elemente van die sosiale leerproses is belangrik (Bandura, 1977; Spangenberg, 1993:280):

- Die selektiewe aandag en waarneming van ander se gedrag.
- Die herhinnering aan die gedrag in en woorde en voorstellings van die verbeelding.
- Die oorskakeling van die gedrag uit die geheue na aksie.
- Die motivering om die bepaalde waargenome gedrag uit te voer.

Wat waardes betref is bogenoemde teorie belangrik wanneer waardes, waarde-oriëntasies en optredes binne 'n gesin, gemeenskap of etniese groep nageboots en geïnternaliseer word. Die volgende voorbeelde kan genoem word. Ouers se gedrag ten op sigte van eerlikheid as 'n morele waarde kan waargeneem en nageboots word (kyk Hoofstuk 9). Die ouers en onderwysers het die deelnemers dikwels aangemoedig om akademies te presteer en so die belangrikheid van intellektuele waardes beklemtoon (kyk Hoofstuk 9).

4 FASETTE VAN DIE JONG VOLWASSENE

Die jong volwassene se fasette kan breedweg geklassifiseer word as die interne en die eksterne fasette. Hierdie fasette beïnvloed die ontwikkelingstake en die waardes van die jong volwassene. Daarom word die rol wat hierdie fasette ten opsigte van waardes en ontwikkelingstake speel, bespreek.

DIE JONG VOLWASSENE

4.1 Interne fasette

Die interne fasette bestaan uit twee sub sisteeme naamlik die biologiese en die intra-psigiese. Met die intrapsigiese sub sisteem word die kognitiewe, morele en emosionele aspekte bespreek, terwyl met die biologiese sub sisteem die liggaamlike aspek bespreek word.

4.1.1 Biologiese faset

Die volgende aspekte ten opsigte van die biologiese faset is belangrik:

- Die jong volwasse stadium volg op die adolessente stadium. Laasgenoemde gaan gepaard met fisieke groei en fisieke veranderinge in boustruktuur van die liggaam sowel as die gepaardgaande hormonale veranderinge vir seksuele ontwikkeling sodat reproduksie kan plaasvind (Weiten, 1992:400). Afhangende van die individu, is die veranderinge in die laat-adolessente jare voltooi en moet die jong volwassene hierdie 'nuwe' liggaam aanvaar en dit deel van haar waardesisteem maak. Dit word veral ten opsigte van liggaamswaardes en selfwaardes gedoen. Hierdie fisieke veranderinge lei dus tot psigologiese aspekte, aangesien die selfwaarde (liggaamsbeeld) daardeur beïnvloed kan word (Wiese, 1978 :20; Burns, 1979: 7; Botha, 1983:57).
- 'n Ander aspek wat die houding teenoor die liggaamsbeeld kan beïnvloed is die kulturele persepsies oor die ideale vroulike of manlike liggaam (Kaiser, 1985:71-75). Die fisieke voorkoms van die ideale liggaamsbeeld vir die geslagte kan tussen die etniese groepe verskil. Die jong volwassene kan haar liggaamsbeeld met die van die ideale liggaamsbeeld van haar of ander kulture vergelyk.
- Bee en Bjorklund (2000:89) beskryf die jong volwasse stadium as die stadium waar die biologiese funksies seksueel hul toppunt bereik. Die seksuele ontwikkeling is nie altyd direk aan voortplanting gekoppel nie, maar verteenwoordig dit wat tipies as manlik of vroulik beskou word. Rolle en take tipies van die geslag en ouderdom, kom dus na vore. Die versorgende rol van die vrou (en moeder) kan nou op die voorgrond tree en daarom kan, benewens die liggaamlike waardes, meer aandag aan sosiale waardes gegee word.
- Volgens Bee en Bjorklund (2000:89) bereik die jong volwassene die kruin van haar gesondheid. Daarom is die jong volwassene nie juis 'n kandidaat vir kroniese siektes nie, maar wel 'n hoë risiko vir emosionele versteurings en subkliniese depressie (Bee & Bjorklund, 2000:125). Hierdie opvatting word deur twee kliniese psigoloë ondersteun (Gouws, 1999, 2000; Pretorius, 1999). Die emosionele waardes kan dus 'n belangrike rol op hierdie stadium speel.

Wat waardes betref is die biologiese verandering in die liggaam 'n nuwe ontdekkingsveld vir die aanvang stadium van die jong volwassene. Standpunte, houdings en gedragspatrone word rondom hierdie veranderinge geformuleer. Dit bring mee dat liggaamswaardes, seksuele en ook sosiale waardes ontwikkel en geïnternaliseer word. Die liggaam van die jong volwassene het dus te make met 'n biologiese, 'n psigologiese en 'n sosiale aspek. Biologies beteken dit die fisiologiese vermoë om dit te doen wat van haar verwag word en waarvoor sy bestem is. Psigologies en sosiaal beteken hierdie nuwe vermoëns dat 'n gevoel van bekwaamheid, selfagting en status verwerf kan word. Waardeprioriteite ten opsigte van die liggaamlike, self,

DIE JONG VOLWASSENE

gemoed, lewe en sosiale kan dus deur 'n positiewe of negatiewe liggamsbeeld beïnvloed word.

4.1.2 Intrapsigiese faset

Die intrapsigiese faset verwys na die kognitiewe, emosionele en morele aspekte van die jong volwassene. Ten opsigte van die kognitiewe aspekte is die volgende belangrik:

- Wat die kognitiewe ontwikkeling betref kan dit ook aan die biologiese, maar veral aan die psigiese gekoppel word. Kognitiewe ontwikkeling verwys na die vermoë en vaardigheid van die denke.
- Kognitiewe vaardigheid lei tot ontledende, rasonale, hipotetiese, sintetiese en skeppende denke. Jooste (1989:34) meen dat gedurende adolessensie en die jong volwasse lewensfases, daar 'n vinnige toename in verstandvermoëns soos onder andere buigzaamheid, perseptuele spoed, ruimtelike verhoudings, korttermyngeheue en psigomotoriese vaardigheid is. Verder word 'n verskerpte skeppingsvermoë, 'n inligtingsprosessering vermoë, 'n komplekse sosiale denkstyl en ook 'n organisasie en integrasie vermoë in hierdie jare ontwikkel. Bee en Bjorklund (2000:157) meen dat intellektuele vaardighede soos onthouvermoë, kreatiwiteit en probleemoplossende denke hulle toppunt in hierdie fase bereik. Hierdie positiewe verandering kan in Baltes (1987:611-626) se teorie geakkomodeer word. Verder noem Keniston (1970, 1971, 1977) dat die jong volwassene 'n eie tydelike identiteit het wat ooreenstem met die oortuigings van Jooste (1989:34) asook Bee en Bjorklund (2000:157) ten opsigte van die jong volwassene se verstandvermoë.
- Taal hou verband met kognitiewe denke (Doctor & Knight, 1993:389-442). Die adolessent se taalgebruik ontwikkel van die konkrete na die abstrakte (kyk Kohlberg, 1976 se teorie). Die jong volwassene behoort dus deur middel van taal abstrakte denke met gemak te hanteer (Louw, Louw & Schoeman, 1993:564). Die gevolge van taal en kognitiewe vaardighede (abstrakte denke) lei tot beredenerings oor wat belangrik en sinvol in haarself, vir haarself en ander is. Deur middel van taal kan introspektiewe denke geformuleer word. Hierdie geformuleerde introspektiewe denke help haar om haar posisie ten opsigte van dinge en gebeure rondom haar te evalueer en te bepaal. Die jong volwassene behoort ook abstrakte denke ten opsigte van simbole en waardes te kan hanteer en deur middel van taal te verwoord. Dit wil sê waardes moet erken word, uit verbale en nie-verbale gedrag afgelei en in 'n prioriteitsorde geplaas word. Die bewuswording en denke oor haarself en haar gesinsekologie is 'n aanduiding van die vorming en 'n prioritisering van waardes.
- Kohlberg (1976:31-53) het veral klem op die kognitiewe as rede vir moraliteit en morele ontwikkeling gelê. Moraliteit verwys na die algemeen aanvaarde opinie van wat reg is of wat behoort te wees (Louw, Louw & Schoeman, 1993:554). Die redeneringvermoë van die jong volwassene help ook met die ontwikkeling van morele evaluering. Die jong volwassenes kan prinsipiële moraliteit evalueer (Taylor, 1978). (Die beginsel van regverdigheid en billikheid dui op prinsipiële moraliteit.) Die vermoë om objektief en evaluerend ten opsigte van moraliteitswaardes te wees kan tot verskillende waarde-oriëntasies en die gedrag wat daaruit voortvloei, lei.

DIE JONG VOLWASSENE

- Morele ontwikkeling is universeel, maar tog is daar individuele verskille. Hierdie verskille word beïnvloed deur faktore soos agtergrond (verwysingsraamwerk soos byvoorbeeld kultuur), verstandelike vermoëns en persoonlikheidstrekke (Jooste, 1989:36-44). Individuele verskille kan manifesteer wanneer egosentrisme, prinsipiële moraliteit, idealisme, sosiale kognisie oorbeklemtoon word en 'n sentrale plek inneem. Wanneer die jong volwassene (as enkeling) se moraliteit deur genoemde oordrewe aspekte beïnvloed word, kan sy waardeprioriteite en waarde-oriëntasies van die gemeenskap en etniese groep verskil. Die waardeprioriteite en waarde-oriëntasies wat gevorm word kan dus ook verwyderd van die samelewing, gemeenskap en/of etniese groepe wees.
- 'n Ander belangrike ontwikkeling wat deel vorm van die intrapsigiese faset is die emosionele ontwikkeling. Laasgenoemde is gerig op die affektiewe komponent en handel oor die emosies. Hierdie aspekte sluit aan by die emosionele lewe van die jong volwassene en sluit onder andere onafhanklikheid, egosentrisme en altruïsme in. Hierdie aspekte is reeds as ontwikkelingstake bespreek en sal dus nie nou verder aandag geniet nie.

Omdat waardes sterk op die affektiewe vlak lê, is dit nodig dat laasgenoemde vlak nie oorbeklemtoon word nie aangesien dit tot irrasionele optredes kan lei. Daarom moet die emosionele (affektiewe) aspek nie die rasionele denke oorheers nie.

4.2 Eksterne fasette

Die eksterne faset handel oor die sosiale of inter-persoonlike fasette en die strukture daarvan, die ander lewende en nie-lewende omgewing, sowel as die metafisiese faset.

4.2.1 Interpersoonlike faset

Hierdie faset verwys na alle direkte en indirekte kontak tussen persone as deel van (of nie) 'n bepaalde struktuur/sisteem. Sommige van hierdie strukture wat aan die jong volwasse stadium gekoppel word, is onder andere die gesin, familie, kerk, etniese groep, tersiêre opleidingsinstansie en beroepswêreld (Bee & Bjorklund, 2000:363). Persone in hierdie strukture dien as sosialiseringsagente vir die ontwikkeling en bevestiging van die jong volwassene se sosiale rolle, waardes en ander ontwikkelingstake soos deur Duvall en Miller (1985:52-53).

Na aanleiding van Bee en Bjorklund (2000:362) se bespreking van die funksionering van die jong volwassene word die volgende belangrike kenmerke ten opsigte van die interpersoonlike uitgelig:

- 'n Verhoogde behoefte aan vriende om sodoende 'n lewensmaat te kry.
- Ontwikkel intimiteit en fokus op 'n lewensmaat.
- 'n Sosiale rol as huweliksmat en minder kontak met die gesin van oorsprong.
- Interpersoonlike verhoudings is op hierdie stadium baie belangrik.
- Ontwikkel 'n eie gesinspatroon met bepaalde sosiale take.
- Sosiale rolle (kollegas) by die werk ontwikkel.

DIE JONG VOLWASSENE

- Sosiale rolle ten opsigte van die samelewingstrukture kan ontwikkel.
- Begin konformisties maar word later meer individualisties soos wat die selfvertroue ontwikkel.

Duvall en Miller (1985: 52-53) se ontwikkelingstake akkomodeer die bostaande kenmerke van die jong volwassene soos Bee en Bjorkland (2000:362) dit uiteensit (kyk Tabel 5.1).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat verskeie persone die jong volwassene se lewe kan beïnvloed. Hierdie invloede sowel as die begrip van sosiale rolle wat gespeel moet word, kan lei tot die verdere ontwikkeling van 'n eie waardesisteem rondom die sosiale aspekte.

4.2.2 Omgewingsfasette

Die omgewingsfasette word in hierdie verband as die fisiese omgewing beskou en sluit die natuur en die tegnologiese mensgemaakte strukture in. Die volgende aspekte is van belang:

- Die blootstelling aan die natuur kan die betrouend en belangstelling daarvoor bepaal. Wanneer daar betrouendheid en belangstelling is, kan die betroude waardes 'n prioriteit word. Alisjhabana (1966) noem dat die omgewing en dan veral die nie-mensgemaakte omgewing, mense se kultuur tot 'n groot mate kan bepaal.
- Die jong volwassene is tot 'n groot mate deel van vandag se tegnologiese omgewing. Dit sluit aspekte in soos industrialisasie, gejaagde leefstyle, ruimtebeperking, infrastruktuur en tegnologiese gebruike. Persone wat in die middestad groot geword het, kan moontlik tegnologie anders beleef as diegene op die afgesonderde platteland.

Volgens Duvall en Miller (1985:52-53) moet die jong volwassene sy omgewing verstaan, beheer en ook die simbole en konsepuele vaardighede daaraan verbonde bemeester. Kohlberg (1976:31-53), Keniston (1977) en Perry (1970) se teorie beklemtoon ook die betrouendheid en verantwoordelikheid op die verskillende omgewingsfasette. Verder kan die blootstelling aan hierdie omgewing tot bepaalde waarde-oriëntasies en waardeprioriteite lei.

4.2.3 Metafisiese faset

Hierdie faset verwys na 'n verhouding met 'n Opperwese (Jordaan & Jordaan, 1988: 765). Die volgende aspekte is van belang:

- Wanneer die jong volwassene meer sosiale blootstelling kry, kan sy gekonfronteer word met verskillende geloofsoortuigings. Daarom moet volgens Duvall en Miller (1985:59) se ontwikkelingstake, die jong volwassene 'n eie werkbare geloof vestig.
- Besinning oor die verhouding met die metafisiese is een van die ontwikkelingstake van die jong volwassene (Duvall & Miller, 1985:59). Daarom moet die jong volwassene self ook 'n godsdienstige klimaat waarbinne vriende saam verkeer en kinders grootgemaak kan word, skep.
- Religie kan 'n sinvolle antwoord op die vraag na die sin van die lewe vir die jong volwassene wees. Dit kan haar in staat stel om die verlede en die toekoms beter te definieër. Verder kan godsdienste ook sekuriteit en 'n identiteit gee.

DIE JONG VOLWASSENE

Samevattend kan daar gesê word dat die verskillende fasette mekaar onderling beïnvloed en tog saam 'n geheel vorm. 'n Skeefgetrekte waardesisteem kan ontstaan wanneer te veel aandag aan 'n spesifieke faset gegee word. Die jong volwassene moet dus 'n gebalanseerde waardesisteem uit al die fasette ontwikkel.

5 SLOTOPMERKING

In hierdie hoofstuk is daar 'n uiteensetting van die jong volwassene self en sy gesinsekologie gegee. Dit is gedoen deur na verskeie teorieë en ontwikkelingstake te verwys. In die bespreking is daar deurgans na die rol wat waardes speel verwys.